# HOOFSTUK 2

## DIE AARD EN OMVANG VAN ONDERWYSERPROFESSIONALITEIT

### 2.1 INLEIDING

In hoofstuk 1 is daarop gewys dat Suid-Afrika tans verandering en vernuwing op haas elke terrein beleef. Die onderwys as 'n samelewingstruktuur staan nie los van die veranderinge nie. Ouers en onderwysers moet op grond van hul *in loco parentis*-skap vandag hul kinders opvoed in 'n veranderende wêreld wat nuwe eise stel. Die nuwe omstandighede het ook nuwe statutêre determinante geskep. Geen professionele opvoeder kan sy taak nougeset uitvoer sonder die nodige kennis van wat die veranderinge van hom as professionele opvoeder vereis nie. Die ontwerp van 'n veranderde model vir onderwyserprofessionaliteit is van kardinale belang as gevolg van die omvang van die veranderinge.

Die eerste doelwit (paragraaf 1.3) van hierdie navorsing is om die aard en omvang van onderwyserprofessionaliteit te bepaal. In hierdie hoofstuk word die klem geplaas op die onderwys as 'n ware professie. Die omstandighede vir onderwyserprofessionaliteit word uitgelig en die verskillende rolspelers in die onderwysprofessie word van nader ondersoek. Besondere klem word in hierdie hoofstuk geplaas op die handhawing (statutêr) van onderwyserprofessionaliteit.

Die aansien wat die professionele opvoeder in die gemeenskap geniet, berus op die feit dat hy sy taak in die "openbaar" verrig en derhalwe voortdurend deur die publiek geëvalueer word ten opsigte van die gehalte van sy werk, persoonlike optrede en lewenswyse (FOR, 1991:12).

Een van die probleme waarmee die onderwyser te kampe het, is die veranderende lewenstyl van die gemeenskap (La Morte, 1993:227). In Suid-Afrika is daar tans bykomende veranderinge wat nuwe eise stel. 'n Veranderende politiese bestel bring noodwendig 'n veranderende sosiale bestel mee. Die onderwys as sodanig is nie los van

hierdie veranderinge nie (Van Loggerenberg, 1994:1). In die verlede het die skool 'n veilige hawe aan kinders gebied wat tuis nie die nodige stabiliteit kon ervaar nie. Die eise wat voortaan aan die onderwyser gestel gaan word, sal net dringender en groter toewyding verg (Olckers, 1994:45). Die eise en norme is meesal gebiedsgebonde. 'n Stedelike gemeenskap sal byvoorbeeld 'n ander betekenis aan die begrip onderwyserprofessionaliteit kon heg as 'n plattelandse gemeenskap. Onderwyserprofessionaliteit word dus nie noodwendig oral op dieselfde wyse geëvalueer en aanvaar nie (La Morte, 1993:227).

Die proses van verandering en vernuwing wat tans in Suid-Afrika beleef word, is egter nie 'n situasie wat totaal vreemd aan Suid-Afrika is nie. Tydens die kongres van die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (SAOU) in 1934 is daar met dieselfde probleem van vernuwing en verandering geworstel. Die voorsitter tydens hierdie geleentheid, mnr. G.J. le Roux, het onder andere verwys na die groot gebeurtenis wat plaasgevind het met nuwe "epogmakende" wetgewing wat in werking getree het (De Vries, 1994:13). Net soos in 1934 sal dit nou ook die onderwysers wees wat die verandering moet teweeg bring, en as die onderwysers misluk, is die veranderende Suid-Afrika op die verloorpad (Kruger, 1994:6).

Professionaliteit in die onderwys beteken nie net voorbeeldige gedrag nie, maar impliseer ook die bevredigende uitvoering van hierdie plig (Oosthuizen, 1993:1). Onderwyswetgewing in Suid-Afrika vereis ook van onderwysers professionaliteit. Aspekte van professionaliteit, soos voorbeeldige gedrag en bekwaamheid, word in die Wet op Indiensneming van Opvoeders uitgespel (138:1994). Dit is nie net onderwyswetgewing in Suid-Afrika wat op 'n besondere standaard van onderwyserprofessionaliteit aandring nie; dit word ook deur die Suid-Afrikaanse gemene reg vereis (Oosthuizen, 1993:1).

Die verwagtinge wat onderwysers aan hulself in 'n veranderende Suid-Afrika stel, word soos volg deur De Klerk (1994:18-19) opgesom:

- Leerlinge moet deur goeie onderwysers onderrig word.
- Leerlinge moet opvoedkundig en professioneel korrek behandel word.
- Die onderwyser moet oor deeglike vakkennis beskik.
- Die onderwyser moet 'n positiewe, begrypende en ondersteunende houding teenoor leerlinge openbaar.
- Die waarde- en normoriëntasie van die onderwyser moet bo verdenking wees.

Die ouers se verwagtinge van onderwysers in 'n veranderende Suid-Afrika word deur De Klerk (1994:21) soos volg saamgevat:

- Die onderwys moet 'n Christelike karakter behou.
- Die huidige standaarde in die onderwys moet gehandhaaf word.
- Die onderwys moet nie polities georiënteerd wees nie.
- Die leerlinge moet regverdig hanteer word.
- Die leerlinge se selfbeeld moet beskerm en bevorder word.

In die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram van die African National Congress (ANC) (1994b:67) word veral klem gelê op onderwysers wat toegewy is aan die roeping van die onderwys met gepaardgaande gehalte-onderrig. In hierdie program word daarop gewys dat daar veral na bekwame onderwysers gesoek sal word. Onderwysers moet leerkragte van gehalte, vakspesialiste, kurrikulumontwerpers en innoveerders op alle onderwysgebiede word (Anon., 1993:1).

La Morte (1993:227) wys daarop dat die howe se hulp as gevolg van wetgewing ingeroep word om onprofessionele optrede af te baken of te bepaal. Wanpraktyke en onbekwaamheid is stadigaan besig om 'n kritieke probleem vir opvoeders te word (Essex, 1987:212). Dit gebeur dikwels (veral in Amerika) dat onderwysers hulle op die howe moet beroep om hulle teen beweerde onredelike behandeling deur die onderwysowerheid te beskerm (La Morte, 1993:182). Gewoonlik is dit nie die onderwys as sodanig wat deur die gereg ondersoek word nie, maar eerder sake wat uit die Grondwet of ander wetgewing spruit. Hierdie tipe hofsake kom gereeld in Amerika voor (Hooker, 1978:12).

Stone wys in die voorwoord tot Oosthuizen *et al.* (1994b) daarop dat kennis en nalewing van die wetlike voorskrifte wat vir die onderwysprofessie toepaslik is, merkbaar tot onderwyserprofessionaliteit sal bydra. Onderwyserprofessionaliteit word nie verwerf deur die daarstelling van rade of deur die aanvaarding van sekere beginsels of norme nie. Om enige professie suksesvol te beoefen, moet die vertroue en agting verkry word van diegene aan wie die professionele diens gelewer word. 'n Tevrede, bekwame en gelukkige onderwyskorps is eweneens 'n voorvereiste vir 'n suksesvolle onderwysdiens van professionele gehalte (Basson, 1991:1).

## 2.2 DIE AARD VAN GERIGTE OPVOEDENDE ONDERWYS

Bondesio (1990:Voorwoord) wys daarop dat die onderwysprofessie gekenmerk word deur 'n komplekse netwerk van menseverhoudinge waarin elke deelnemer oor bepaalde regte en verpligtinge beskik. Die praktiserende onderwyser moet 'n duidelike beeld en

begrip van sy eie posisie in die netwerk verwerf ten einde sy beroep professioneel te kan beoefen.

Onderwysers se verwagtinge van kinders beïnvloed die kinders só dat hulle meesal aan daardie verwagtinge sal voldoen (Rosenthal, 1975:vi). Die onderwys gaan nie net oor die vul van kinders se koppe met kennis nie (Nash, 1976:1). Die kind is 'n vrye, selfbewuste, redelik denkende en kennende, kiesende, beslissende, willende en handelende subjek wat in relasie tot ander staan. As ontwikkelende persoon is die kind 'n onvoltooide subjek, en daarom is hy afhanklik, hulpbehoewend en 'n hulpvraend (Gunter, 1975:73).

Die skool se bestemmingsfunksie as 'n samelewingsverband is gerig op die ontsluiting van die kind of die opvoedeling (Van der Walt & Dekker, 1982:96). Opvoeding is volgens Van der Walt en Dekker (1982:25) 'n handeling wat daarop gerig is om die kind se hart te verander. Opvoeding gaan om die "geestelike bevrugting" van die opvoedeling. Die onderwyser speel in die proses van geestelike bevrugting 'n belangrike rol, want dit is die gees van die onderwyser wat op die kind oorgedra word (Van der Walt & Dekker, 1982:228). Die ampsdraers van die skool het as primêre taak die opdrag om 'n klimaat van geborgenheid vir die kind of opvoedeling te skep (Van der Westhuizen & Oosthuizen, 1989:746).

Volgens Killian (1974:22) word die werklike sin van die opvoeding in die opvoedingsgebeure vergestalt deur die beantwoording van die appèl op steungewing. 'n Onderwyser moet dus deur sy lewensbeskouing en lewenswyse 'n voorbeeld vir sy leerlinge wees sodat hulle na hom kan opsien as 'n waardige persoon met wie hulle hulself graag sou wou identifiseer. Oberholzer (1983:325) voeg hierby dat die beginsels van universaliteit en individualiteit in die opvoedingsproses geld, maar dat die manier van opvoeding van groep tot groep verskil. Die onderwyser se optrede moet getuig van meerdere kennis en insig, deeglike beplanning en 'n waardige, voorbeeldige, positiewe en doelgerigte houding. Dit is sy taak om 'n klimaat van vertroue en sekerheid te skep (SAOR, 1983:2-6). Die swak optrede van net een onderwyser kan die beeld van die onderwysprofessie as geheel baie skade berokken.

Op die platteland kan die gemeenskap beswaarlik sonder die onderwyser se bydrae klaarkom. Die diens wat die onderwyser aan die gemeenskap lewer moet sodanig wees dat die gemeenskap dit as 'n voorreg sal beskou om hom daar te hê (Anon., 1983b:14-15).

Uit die bogenoemde bespreking is dit duidelik dat die onderwyssektor waarskynlik een van die belangrikste sektore in die veranderende Suid-Afrika sal wees. Die prominente rol wat leerlinge en onderwysers in swart skole sedert Soweto-dag in 1976 gespeel het

in die veranderinge wat tans in werking getree het, bewys hoe invloedryk die onderwys as samelewingsverband kan wees.

## 2.3 ENKELE BEGRIPSVERHELDERINGE

### 2.3.1 Professionaliteit

Die begrip "professionaliteit" is nou verwant aan die begrippe "professie" en "professioneel". In al die gevalle word daar bepaalde handelinge geïmpliseer wat met die verbetering van die status en die gehalte van die praktyk verband hou (Beckmann, 1989b:2). Die term is afgelei uit die selfstandige naamwoord "professor", wat beteken een wat onderrig verskaf of openbare onderwys gee (Pitout, 1984:4).

Professionaliteit kan gedefinieer word as 'n proses waarby 'n georganiseerde beroep (gewoonlik, maar nie altyd nie) aanspraak maak op spesiale esoteriese bevoegdheid. Uit hoofde van hierdie bevoegdheid verkry die groep die eksklusiewe reg om 'n sekere werk of taak te verrig. Hierdie georganiseerde groep beheer dan die opleiding asook die toelating tot opleiding (Goodlad, 1985:7).

Professionaliteit kan ook as 'n wapen gebruik word om sekere voordele en sosiale status te verkry (Beare, 1992:65). Volgens Johnson (1985:21) is die bepalende funksie van professionaliteit om kennis in diens van mag te stel. Professionaliteit is 'n ideologie en strategie waarin die standaard en duur van formele opleiding as van kardinale belang beskou word (Johnson, 1985:19).

Professionaliteit dui op 'n oortuiging van eie verantwoordelikheid, wat versterk word deur 'n bewustheid van beroepsbekwaamheid op grond van, onder ander, selfstudie en indiensopleiding. 'n Professionele persoon is by die welsyn van die professie betrokke, en hy is 'n lojale lid daarvan (SAOR, 1986:26). Volgens Goodlad (1985:7) behoort *credat emptor* ("let the buyer trust") die basis te wees van professionele praktyk, in teenstelling met ander terreine wat op *caveat emptor* ("let the buyer be aware") gerig is. 'n Belangrike komponent van 'n professionele mens is sy hoë mate van bevoegdheid of bekwaamheid (Goodlad, 1985:7).

Die begrip "professionaliteit" hou volgens Beckmann (1994:1) veral met die volgende drie sake verband:

- Die kundige en vaardige wyse waarop 'n persoon sy werk verrig.
- Die aansien of agting (status) wat 'n groep persone in die gemeenskap afdwing.
- Die mate van outonomie en beheer wat 'n groep persone oor die beoefening van hul beroep het.

Die Suid-Afrikaanse Demokratiese Onderwysersunie (SADOU) gee twee definisies vir die begrip "professionaliteit" (Anon., 1992:18):

- Die tradisionele definisie wat professionaliteit van onderwysers omskryf as die waardigheid van onderwysers wat in die professie gehandhaaf moet word.
- Die demokratiese definisie waarin nie net die onderwyser se verantwoordelikheid om onderwys van die hoogste standaard aan leerlinge te verskaf, erken word nie, maar ook sy reg om vir verbeterde voordele te beding.

Volgens Mseleku (1991:2) verwerp SADOU dié definisie van professionaliteit wat met 'n etiese gedragskode verband hou. SADOU beskou sodanige gedragskodes as 'n verlengstuk van die regering om die onderwysers op hulle plek te hou en te dreig (Mseleku, 1991:2).

In 1963 is daar al in die VSA tydens 'n simposium aangekondig dat "everywhere in American life, the professions are triumphant" (Houle, 1985:192). Daar kan uit verskeie oogpunte na professies gekyk word (Fulton, 1985:83-91):

- Die sosiaal-wetenskaplike siening.
  Volgens hierdie siening verdien professionele persone as 'n gilde (Hollandse term) hul belonings en voorregte deur die monopolie van eienaarskap van skaars kennis en vaardighede.

- Die siening van die professies self.
  Hierdie siening plaas nie 'n beperking op die toegang tot prófessies nie. Outonomie word deur die gemeenskap in ruil vir etiese en voorbeeldige gedrag gegee.

- Die konteks-afhanklike siening.
  Volgens hierdie siening bepaal die konteks die betekenis van 'n professie (Van Tonder, 1984:9).

- Die voorskrywende siening.
  Hierdie siening word veral gebruik as 'n middel om 'n verlangde toestand te bereik (Gouws, 1994:3).

- Die beskrywende siening.
  Hierdie siening gaan van die veronderstelling uit dat professies deur sekere kenmerkende eienskappe beskryf word (Gouws, 1994:3).

Volgens Piper (1985:233) bestaan daar drie onderskeidende kenmerke van 'n professie, naamlik

- die ontvang van 'n salaris,
- steun op 'n basis van uitsonderlike kennis, en
- onafhanklikheid.

Hierdie drie kenmerke verskaf 'n hiërargie wat die meer edel professies van die minder edel professies onderskei. In die lig hiervan beskou Piper (1985:234) die onderwys as 'n minder edel professie, omdat die onderwys se onafhanklikheid nadelig geaffekteer word deur die feit dat dit binne 'n organisasie geskied.

'n Professie probeer nie net beheer uitoefen oor hoe die kennis gebruik sal word nie, maar ook oor wie dit moet gebruik, en in sekere gevalle selfs oor die strekwydte van die kennis. Die bevraagtekening van wat beheer word (kennis), hoe dit verkry word (opleiding) of hoe dit gebruik word (praktyk) word dikwels gesien as 'n bedreiging vir die vreedsame bestaan van die professie. Professies kan dus as verdedigende organe beskou word wat hulle terreine teen buite-aanvalle beskerm (Edwards, Taylor & Bowen, 1987:10-11).

Die kernfeite uit die bogenoemde bespreking van die term "professionaliteit" en die gepaardgaande terme "professie" en "professioneel" kan soos volg saamgevat word:

- Professionaliteit is nie 'n statiese fenomeen nie, en professionele persone kan nie polities neutraal wees nie. Die professionele groeiproses van 'n professionele persoon hou nooit op nie.
- Professionaliteit is 'n ideaal wat, ter wille van dienslewering aan die kliënt, opoffering van die professionele persoon in die professie vra.
- Die onderwys kan slegs professionaliteit bereik indien die opvoeders ware professionele persone word.

- 'n Professie is nie net nog 'n werk nie; dit is 'n besondere werk waarvoor die persoon geroepe is en waarvoor hy oor bepaalde spesiale talente moet beskik.
- Alhoewel die gemeenskap in hulle evaluering van professionaliteit gewoonlik sekere vereistes hoër as ander ag, kan die volgende vereistes as ideaal beskou word (Spies, 1977:11):
  - Gespesialiseerde kennis.
  - Volgehoue navorsing.
  - Gesagshandhawing.
  - Toegangsbeheer.
  - Outonomie.
  - Handhawing van 'n etiese gedragskode.
  - Unieke dienslewering.

Die bogenoemde vereistes vir professionaliteit sal in die volgende paragrawe meer breedvoerig bespreek word, met besondere verwysing na onderwyserprofessionaliteit.

#### 2.3.1.1 Gespesialiseerde kennis

Gespesialiseerde kennis wat deur middel van 'n lang en moeilike proses bekom is, blyk die norm te wees vir 'n professionele beoefenaar van enige professionele werk (Loots, 1991:18). Die gemeenskap heg besondere waarde aan die moeilikheidsgraad waaronder die gespesialiseerde kennis verwerf word (Oosthuizen, 1994b:95). Hierdie gespesialiseerde kennis moet praktykgerig wees, dit wil sê dit moet vaardighede insluit waarmee die praktyk beheer kan word. Spesiale vaardighede sonder strawwe intellektuele voorbereiding is nie genoeg nie (Loots, 1991:18). Die geskikte kennisbasis moet oor sekere standaarde beskik voordat dit as aanvaarbaar vir 'n professie gevind sal word (Strike, 1990:94).

Gespesialiseerde kennis en vaardighede is 'n voorvereiste in die suksesvolle beoefening van elke beroepsveld (Oosthuizen, 1994b:95). 'n Professie word as 'n soort verhewenheid deur die samelewing beskou (Oosthuizen, 1987:174).

Die besprekingsdokument van die ANC (1994a:51) beklemtoon die feit dat onderwysers met besondere vaardighede, kennis en selfvertroue nodig is om 'n dinamiese onderwyserskorps daar te stel wat in die behoeftes van die land sal kan voorsien. Om te verseker dat die onderwysberoep altyd oor voldoende professionele en bevoegde mannekrag beskik, behoort daar voortdurend deeglik oor onderwyseropleiding besin te word. Die onderwys

vereis in 'n toenemende mate besondere bekwaamhede en vaardighede van sy beoefenaars (Terblanche, 1979:8).

As gevolg van die ongelykhede van die verlede word kwalifikasies *per se* nie meer so hoog aangeslaan wanneer kriteria vir onderwyserbevoegdheid gedefinieer word nie (Grobler & Van der Merwe, 1995:5). Volgens Fuller (1994:23) bly kwalifikasies egter belangrik, maar daar word erken dat daar 'n beweging aan die gang is om opleiding van kwalifikasies te skei. Die mening bestaan dat onderwysers (i.c. opvoeders) wat 'n gespesifiseerde evalueringskriteria suksesvol deurloop, beloon moet word ongeag die persoon se kwalifikasies. 'n Verdere mening is dat mense wat nie die geleentheid gehad het om formele opleiding te ondergaan nie, die geleentheid moet kry om geakkrediteer te word vir hul ondervinding en bewese vermoë (Fuller, 1994:23).

Die realiteite van die Suid-Afrikaanse situasie word egter beklemtoon deur die verslag van die National Educational Policy Investigation (NEPI) (ANC, 1992:14). In hierdie verslag word beklemtoon dat instansies wat met onderwyseropleiding gemoeid is nie daarin slaag om onderwysers van uitstaande gehalte te produseer nie. Die NEPI-verslag (ANC, 1992:14) is van mening dat studente wat akademies begaaf en tot onderwys verbind is nie deur die onderwysprofessie aangetrek word nie. Terblanche (1979:8) wys daarop dat die onderwys, met betrekking tot gespesialiseerde kennis en vaardighede, 'n besliste agterstand teenoor ander professies het. Hierdie toedrag van sake kan onder meer aan die volgende redes toegeskryf word (ANC, 1992:14):

- Die lae toelatingsvereistes in die geval van onderwyskolleges.
- Die hoë mate van subsidiëring van onderwysstudente maak die onderwys meer aantreklik vir studente wat graag oor die een of ander vorm van tersiêre opleiding wil beskik, maar wat nie vir universiteits- of technikonopleiding kwalifiseer nie.

Die National Educational Policy Investigation- (NEPI)-verslag (ANC, 1992:77) beveel die volgende aspekte aan met betrekking tot minimumvereistes, gespesialiseerde kennis en vaardighede vir opvoeders (i.c. onderwysers):

- Die kurrikulum vir onderwyseropleiding moet aan aspirantonderwysers
  - 'n deeglik afgeronde opleiding,
  - gespesialiseerde kennis wat op 'n gesonde pedagogiese basis saamgestel is, en
  - genoegsame tyd

  verskaf om sy onderwysvaardighede te ontwikkel.

- Die opleiding moet oor 'n periode van minstens drie tot vier jaar strek om te verseker dat aanvanklike onderwysersopleiding sy akademiese en professionele doelstellings voldoende sal dien.

Indien onderwyseropleiding aan die hand van gesonde kriteria gedoen word, kan die ouers en die gemeenskap oortuig word dat niemand anders die plek van die bekwame onderwyser (i.c. opvoeder) kan inneem nie.

### 2.3.1.2 Volgehoue navorsing

Een van die primêre verantwoordelikhede van 'n onderwysdepartement is om volgehoue onderwysnavorsing te doen. Uitgediende en verouderde begrippe moet vervang word met dit wat geldig en verantwoordbaar is (Oosthuizen, 1987:175-177). In die besprekingsdokument van die ANC (1994a:49) word daarop gewys dat daar te veel van uitgediende filosofieë gebruik gemaak word. Dieselfde voorgeskrewe handboeke word jaar na jaar gebruik (ANC, 1994a:49).

Vir die suksesvolle professionalisering van die onderwysprofessie is dit noodsaaklik dat daar met die eise van die tyd tred gehou word. In die lig van die vinnige veranderinge wat daar tans op alle lewensterreine voorkom, is dit belangrik dat die onderwyser (i.c. opvoeder) deur middel van studie voortdurend op hoogte van nuwe ontwikkelinge in sy vakgebied moet bly (De Witt, 1979:17).

Gespesialiseerde kennis en spesiale vaardighede behoort as 'n eenheid beskou te word. As gevolg van die teoretiese (akademiese) ingesteldheid in onderwyseropleiding en in verdere studies (navorsing) word daar nie genoeg aandag aan die praktiese (didaktiese) vaardigheid van die professionele opvoeder (i.c. onderwyser) geskenk nie (Edwards *et al.*, 1987:13).

Volgehoue praktiese (didaktiese) vaardigheid is net so belangrik as wat volgehoue akademiese navorsing is. Die vinnige veranderinge vind nie net op akademiese terrein in die onderwys plaas nie, maar ook op die praktiese (didaktiese) terrein. De Witt (1979:17) beweer dat daar nooit van 'n professionele onderwyser gesê kan word dat hy een jaar se praktiese ondervinding dertig keer herhaal het nie.

Wat onderwyserprofessionaliteit betref, is vaardighede net so belangrik as kennis en waardes (Grobler & Van der Merwe, 1995:1). Om 'n sekere standaard van vaardigheid te handhaaf, is dit nodig dat daar 'n instrument sal bestaan om die vaardigheid te meet.

Die enigste instrument waarmee 'n onderwyser se vaardigheid tans gemeet kan word, is die bestaande evalueringsinstrument, wat volgens Franzsen (1995:2) baie gebreke het. Aan hierdie aspek sal later in die paragraaf aandag geskenk word.

Indien 'n betroubare evalueringsinstrument saamgestel kan word wat vertroue by die onderwyser (i.c. opvoeder) inboesem, kan sodanige instrument baie help om die onbevoegde persone te identifiseer en uit die professie te verwyder (Grobler & Van der Merwe, 1995:1). Alhoewel daar in die verlede al met verskeie evalueringsmodelle geëksperimenteer is, is die ideale model nog nie gevind nie (Franzsen, 1995:2).

Uit die voorafgaande bespreking blyk dit dat 'n evalueringsmodel die enigste manier is om volgehoue onderwyserprofessionaliteit te verseker. Daarom is dit uiters noodsaaklik dat 'n evalueringsmeganisme gevind moet word wat alle belanghebbendes tevrede sal stel. So 'n evalueringsmeganisme kan volgehoue onderwyserbevoegdheid en onderwyserprofessionaliteit help handhaaf.

Indien 'n persoon (opvoeder) oor gespesialiseerde kennis en vaardighede beskik en toesien dat hy deur middel van volgehoue navorsing tred met die veranderende werklikheid hou, kan sodanige persoon daarop aanspraak maak dat hy 'n unieke diens aan die kliënt kan lewer.

#### 2.3.1.3 Gesagshandhawing

Die gemeenskap stel vertroue in die hoë kwaliteit diens van die professie. Professionele gesag word gewoonlik toegeken in gevalle waar die onderwyser en die professie presteer (Oosthuizen, 1987:177). Die gemeenskap moet oortuig wees van die onontbeerlikheid van die professionele diens asook die *bona fides* van die professie voordat die gesag van die professie erken, bekragtig en eerbiedig word. Die gemeenskap heg groot waarde aan langdurige opleiding, en daarom is dit nie maklik om die gemeenskap te oortuig van die gesag van die beroep nie (Spies, 1977:43). Alhoewel die gemeenskap die onontbeerlikheid van die diens besef, is hulle nie bereid om die regte en voorregte wat in verhouding tot die belangrikheid van die diens staan, toe te ken nie.

Indien daar van die gemeenskap verwag word om hom aan die gesag en die oordeel van die professionele persoon te onderwerp, moet die professionele persoon oor die professionele kundigheid beskik om sodanige gesag te kan afdwing (Terblanche, 1979:11).

#### 2.3.1.4 Toegangsbeheer

Wanneer persone binne 'n professie oor bepaalde vaardighede en gespesialiseerde kennis beskik, kan 'n ander liggaam nie oorweging skenk aan toelating tot die bepaalde professie nie. Slegs die professie self kan oorweging skenk aan die toelating van 'n persoon tot die professie (Beare, 1992:68). Die enigste vraag waarmee 'n professie soos die onderwys gekonfronteer kan word, is of die aansoeker geskik is om as professionele persoon geregistreer te word.

Die professionele persoon streef daarna om die amateur en kwaksalwer teen te werk. Deur die uitreiking van sertifikate van bevoegdheid aan opgeleide professionele persone word die publiek teen onbevoegdes beskerm. Nie net word die toegang tot die professie beheer nie, maar ook die werwing van kandidate vir die professie (Kriel, 1993:20).

Alle onderwysers (i.c. opvoeders) moet geregistreerde professionele persone wees, want indien dit nie die geval is nie kan slegs sekere beoefenaars (die geregistreerdes) van die professie tot professionele verantwoording geroep word (Van Loggerenberg, 1980:110).

Dit is die taak van onderwysowerhede, bestuursrade en skoolhoofde om te verseker dat slegs bevoegde onderwysers (i.c. opvoeders) in onderwysposte aangestel word. Om hierdie taak egter nougeset te kan uitvoer, het onderwysbestuurders eerstens 'n duidelike omskrywing van die begrip "onderwyserbevoegdheid" nodig. Tweedens moet die onderwysbestuurders oor duidelike kriteria en instrumente beskik waarmee hierdie bevoegdhede gemeet kan word (Grobler & Van der Merwe, 1995:1).

Die Wet op Arbeidsverhoudinge in die Onderwys (146:1993) maak voorsiening vir 'n Raad op Arbeidsverhoudinge in die Onderwys (vergelyk paragraaf 3.4.6). In terme van Artikel 12 (5) (a) (xv) van die Wet op Arbeidsverhoudinge in die Onderwys word daar voorsiening gemaak vir partye wat deel uitmaak van die Raad op Arbeidsverhoudinge in die Onderwys om 'n ooreenkoms te sluit wat betref registrasie van professionele opvoeders (i.c. onderwysers). In terme van Bylae A, Resolusie 4 van die Raad op Arbeidsverhoudinge in die Onderwys word voorsiening gemaak vir die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders. Die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders het onder andere die volgende funksies (Regulasiekoerant No. 5412 van 1994):

- Die bepaling van minimum toelatingskriteria vir die onderwysprofessie.
- Registrasie van professionele opvoeders (i.c. onderwysers).

- Die byhou van 'n register vir professionele opvoeders (i.c. onderwysers) met die uitsluitlike doel om kwalifikasies van professionele opvoeders (i.c. onderwysers) te beheer.
- Die daarstelling van 'n etiese gedragskode wat van 'n hoë morele standaard sal getuig.
- Die uitoefening van professionele dissipline deur persone uit die onderwysprofessie self.

Uit die bogenoemde is dit duidelik dat die onderwysowerhede maatreëls daargestel het om te verseker dat slegs bevoegde en bekwame persone tot die onderwysprofessie toegelaat kan word. Die onderwysowerhede het ook hul goedkeuring verleen aan die volgende uiters belangrike aspek rakende die essensie van onderwyserprofessionaliteit (Regulasiekoerant No. 5412 van 1994):

> **Alle opvoeders wat van voorneme is om as 'n professionele opvoeder te praktiseer, moet by die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders geregistreer wees as 'n professionele opvoeder (i.c. onderwyser).**

Die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders sal, soos die eertydse Federale Onderwysersraad (FOR) en die General Teaching Council for Scotland, by registrasie van 'n opvoeder (i.c. onderwyser) nie net 'n persoon se kwalifikasies nie maar ook faktore soos sy kriminele rekord in ag moet neem (Beckmann & Van der Bank, 1995:9). Indien die aansoeker wel oor 'n kriminele rekord beskik, sal die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders veral die omstandighede van die kriminele oortreding in ag moet neem. Oortredings wat byvoorbeeld met kinders verband hou, behoort die aansoeker vir registrasie te diskwalifiseer. Nie alle kriminele oortredings behoort noodwendig tot 'n weiering van registrasie te lei nie (Beckmann & Van der Bank, 1995:9).

### 2.3.1.5 Outonomie

Elke professie streef daarna om die gemeenskap van hulle professionele gesag te oortuig. Spies (1977:13) wys egter daarop dat geen professie 'n totale monopolie oor die tipe aktiwiteit wat beoefen word, het nie. Die monopolie van 'n professie kom op die volgende neer:

- Die alleenbesit en voortreflike toepassing van professionele kennis en tegnieke.
- 'n Kontrole oor die toelating tot die professie.
- Toesig oor die opleiding van professionele persone.
- Beheer oor die gehalte van professionele diens.
- Die toekenning van professionele titels.

Ook Terblanche (1979:15) dui daarop dat 'n professie monopolie behoort te hê in sy beheer oor

- toelatingsvereistes,
- die akkreditering van opleidingsinrigtings, en
- die kwaliteit van professionele dienslewering.

Om die onderwys in Suid-Afrika met betrekking tot die handhawing van outonome gesag op 'n gelyke voet met ander hoogs gespesialiseerde professionele beroepe te plaas, moet sy outonome gesag nie net deur die samelewing nie maar ook deur die owerheid gesanksioneer en statutêr bepaal word (Terblanche, 1979:16-17).

Skole in Suid-Afrika staan onder staatsbeheer, en daarom is die onderwys minder outonoom as ander professies. Verhoogde ouerinspraak by skole kan inbreuk maak op hierdie outonomie of 'n bedreiging vir die ware professionele selfstandigheid van die onderwysberoep word (Oosthuizen, 1987:179).

Alhoewel daar in geen professie algehele vryheid bestaan nie, is dit tog insiggewend dat die outonomie (selfstandigheid), wat in terme van die Wet op Arbeidsverhoudinge in die Onderwys (146:1993) vir die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders in die vooruitsig gestel word, meer beperkend is as in ander erkende professies. Die feit dat die beleid en die diensure, vergoeding en werksomstandighede van onderwysers uitsluitlik deur die Onderwysdepartement of in die geval van 'n staatsondersteunde (Model C-) skool deur 'n beheerraad bepaal word, lê noodwendig onderwyserprofessionaliteit aan bande (Loots, 1991:24-25).

Uit die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat die professie, in hierdie geval die onderwysprofessie, daarna streef om outonomie vanuit gemeenskapsgeledere te kry.

### 2.3.1.6 Handhawing van 'n etiese gedragskode

Om agting vir die onderwysberoep te verkry, word daar van 'n etiese gedragskode gebruik gemaak. 'n Etiese gedragskode word daargestel vir alle opvoeders (i.e. onderwysers). Dit beteken dat elke lid van die professie hom wetlik en moreel verbind tot 'n etiese gedragskode (Van Loggerenberg, 1991:1). Die etiek in die gedragskode handel oor sedelike gedrag, pligte en waardes. Professionele etiek rig die professionele praktisyn in sy gedrag om sekere situasies waarmee hy te make het op 'n professionele wyse te hanteer. Die beoogde Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders, asook die onderskeie on-

derwysdepartemente, speel 'n prominente rol in die regulering van professionele gedrag. Wangedrag of slegte gedrag in die professie kan slegs aan die hand van 'n duidelike gedragskode bepaal word (Oosthuizen, 1990:69).

Die diensbehoewende (leerling) is as gevolg van sy gebrek aan kennis uitgelewer aan die eerbaarheid van die professionele persoon (Oosthuizen, 1987:179). Om te verhoed dat die professionele persoon sy gesag en voordele tot eie voordeel misbruik, is die ontwikkeling en handhawing van 'n etiese gedragskode in enige professie noodsaaklik. In so 'n gedragskode word die ideale gedragswyse van die professionele persoon duidelik en ondubbelsinnig uiteengesit (De Witt, 1977:14). 'n Gedragskode behoort ook na twee kante toe te sny: dit behoort die kliënt (leerling) en die professionele persoon (opvoeder) teen uitbuiting en wanpraktyke te beskerm.

'n Gedragskode dien as 'n waarborg aan die ouergemeenskap dat eerlike, betroubare en opvoedkundig verantwoordelike gedrag en diens verwag kan word van alle opvoeders wat by die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders geregistreer is (Beckmann & Van der Bank, 1995:10). Die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders moet nie beskou word as vervolgers van opvoeders nie, maar eerder as 'n onpartydige skeidsregter wat verseker dat geregtigheid sal geskied en dat die hele onderwysprofessie beskerm sal word. Deur die afdwinging van 'n gedragskode waak die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders oor die belange van die gemeenskap en die onderwysprofessie, asook die belange van die individuele onderwyser (i.c. opvoeder) (Beckmann & Van der Bank, 1995:10).

Die lede van die professie stel self, deur middel van die onderskeie onderwysersorganisasies waaraan hulle behoort en wat deel van die Raad op Arbeidsverhoudinge in die Onderwys uitmaak, 'n gedragskode op. In onderwysverband kan 'n gedragskode handel met aspekte soos byvoorbeeld die verhouding tussen die opvoeder en (Beckmann, 1985:22-26)

- die onderwysprofessie,
- die leerlinge,
- die ouers,
- die gemeenskap,
- hul werkgewers, en
- hul kollegas.

Die doel van die gedragskode is om te dien as 'n instrument waarmee orde en harmonie geskep en gehandhaaf kan word in die onderskeie verhoudinge waarin die professionele praktisyn betrokke is (Beckmann & Van der Bank, 1995:6).

Daar bestaan tans in Suid-Afrika 'n mate van etiese vervreemding wat neerkom op die onvermoë van individue om te identifiseer met die moraliteit van die werksorganisasie, die gemeenskap en die staat (Gouws, 1994:7). Tot nou toe is gepoog om 'n Eurosentriese etiek op 'n kultureel diverse populasie af te dwing. Die gevolg daarvan is dat mense onverskillig staan teenoor hulle werk en ander organisasies. By die saamstelling van 'n etiese gedragskode sal daar dus ook deeglik rekening gehou moet word met botsende sosiale en kulturele norme asook 'n algemene verslapping in die morele waardes van die gemeenskap. As gevolg van die verskillende waardestelsels van gemeenskappe sal die beoordeling van etiese en onetiese gedrag ook verskil (Gouws, 1994:8).

In die opstel van 'n etiese gedragskode vir opvoeders (i.c. onderwysers) in 'n veranderende Suid-Afrika sal daar daadwerklike aandag gegee moet word aan 'n nasionale morele visie en 'n sin vir etiek (Gouws, 1994:9).

Die onderwyser (i.c. opvoeder) en die gemeenskap is dit eens dat die onderwysprofessie 'n openbare vertrouensposisie beklee waarin persoonlike gedrag 'n belangrike rol speel (Oosthuizen, 1987:191). Hierdie bepaling raak selfs die onderwyser se privaatlewe.

**2.3.1.7 Unieke dienslewering**

Die professionele opvoeder (i.c. onderwyser) lewer 'n unieke diens. Beckmann (1985:22) wys daarop dat die onderwyser (i.c. opvoeder) in 'n verskeidenheid van verhoudinge sy taak as professionele opvoeder verrig. Die professionele opvoeder staan in 'n verhouding tot die leerling, omdat die professionele opvoeder behulpsaam is in die karakteropvoeding van die kind. Die opvoeder staan egter ook in 'n besondere verhouding tot die gemeenskap. Die diens wat die opvoeder (i.c. die onderwyser) lewer, is dus nie net uniek vir die individu nie maar ook vir die gemeenskap. Die uniekheid van die diens lê daarin dat daar met die kosbaarste besitting van die gemeenskap gewerk word, naamlik die kind (De Witt, 1981:18).

Elke professie lewer 'n unieke, eiesoortige en essensiële diens op 'n geïdentifiseerde gebied van behoeftes of funksies. Die vernaamste motief van 'n professie is nie materiële gewin nie, maar eerder diens (Loots, 1991:19). Die professionele onderwyser (i.c. opvoeder) behoort dus dienslewering as sy lewensroeping te beskou. Die motivering vir die professionele onderwyser (i.c. opvoeder) om hierdie lewensroeping uit te leef, is gesetel in sy diensbaarheid aan sy leerlinge (Loots, 1991:20).

Die gemeenskap sal die langtermyndoelstellings en oogmerke van die onderwys in terme van korttermyndoelstellings moet herformuleer om by die heersende omstandighede aan te pas. Pretorius (1980:1447) wys daarop dat daar allerweë aanvaar word dat die onderwysende en opvoedende taak van die onderwyser en die ouer nie van mekaar geskei behoort te word nie. Hierdie beginsel benadeel egter die onderwyser se aanspraak op unieke dienslewering, en daarom behoort buitemuurse aktiwiteite nie deel van die onderwyser se professionele diens te wees nie (Pretorius, 1980:1447).

Aktiwiteite soos onderwyserstakings, krytsmytery en ander protesaksies van onderwysers (i.c. opvoeders) is, soos in paragraaf 1.2 genoem, nie te versoen met die unieke diens wat die onderwyser (i.c. opvoeder) aan die leerling en gemeenskap behoort te lewer nie (Kruger, 1994:4).

Wanneer die gemeenskap besef dat die onderwysprofessie se diens onontbeerlik is, met ander woorde dat die beoefenaars oor gespesialiseerde kennis en vaardigheid beskik, besig is met volgehoue navorsing en 'n unieke diens lewer, word 'n sekere mate van gesag en bepaalde voorregte aan die professie verleen. Die gemeenskap se bekragtiging van outonomie (selfstandigheid) verleen aan die professie 'n monopolie om sy professionele aktiwiteite self te beheer (Spies, 1977:13).

### 2.3.2 Etiek

Dwarsdeur die geskiedenis het elke beskaafde gemeenskap 'n raamwerk van aanvaarbare gedragsnorme ontwikkel met die oog op onder andere lojaliteit, samehorigheid en eenheid binne die sosiale orde. Ten tye van sosiale spanning en verandering word die stabiliserende effek van tradisionele, gevestigde en breë aanvaarbare morele oortuigings verminder (Chambers, 1981:1).

Etiek is die filosofie van sedelike gedrag, pligte en waardes (Odendal *et al.*, 1984:94). In sy bestudering en ontleding van menslike handeling, bepaal die etikus hom nie net by die identifisering van die normatiewe (dit wil sê, die goeie die slegte en die regte) van menslike handeling nie, maar veral ook by die omskrywing van die aard en die vergestaltings van wenslike gedrag (Prinsloo & Beckmann, 1987:176).

Professionele etiek is gerig op die bereiking van sekere ideale en die uitvoering van sekere praktyke wat hulle ontstaan vind in die bepaalde professionele persone se professionele voorregte en verantwoordelikheid (Loots, 1991:26). Professionele etiek is

volgens Oosthuizen (1994b:92) daardie gedragswyse wat navolgenswaardig is vir 'n besondere professie. Die etiek kry sy gestalte in etiese kodes (Loots, 1991:27).

Die enigste afdwingbare etiese gedrag is dié wat as 'n wetlike verpligting gekodifiseer is. Die gemeenskap kan om verskeie redes die hoogste etiese gedrag vereis van persone wat in belang van die gemeenskap optree. 'n Openbare figuur of professionele persoon wat in diens van die gemeenskap staan, kan egter nie net op grond van sy wetsgehoorsaamheid op die agting en vertroue van die gemeenskap aanspraak maak nie. Die feit dat hy wetlik onskuldig is, beteken nie noodwendig dat sy gedrag aan hoë morele standaarde beantwoord nie. Selfs 'n skurk sou kon sorg dat hy binne die wet bly. In hierdie opsig wys Chambers (1981:4) daarop dat die mens nie net deur sy gewete nie maar ook deur sy selfbelang tot hoër morele gedrag aangespoor behoort te word (Chambers, 1981:4).

Etiek is 'n stelsel van denke wat op 'n hoër beskawingspeil gerig is en sy begronding in kulturele tradisie en oorlewing het (Chambers, 1981:5).

Uit die voorafgaande bespreking blyk dit dat etiek vergestalt word in die waardes van mense - waardes wat opgebou is uit 'n bepaalde kultuurontwikkeling. Die opvoedingsgebeure is 'n etiese handeling wat rigtinggewend en dissiplinerend van aard is en wat daarop konsentreer om 'n verandering by die opvoedeling teweeg te bring.

### 2.3.3 Gedrag

Die Engelse term "behaviour" verwys na die opneem van verantwoordelikheid (Pitout, 1984:6). In die Germaanse taal staan dit bekend as "sich behaben" (Pitout, 1984:6) en in Latyn hou dit met die begrip "conductus" verband, wat verwys na gedrag wat op 'n spesifieke wyse gedoen word. So byvoorbeeld kan daar van 'n persoon verwag word om soos 'n opgevoede en volwasse persoon op te tree (Pitout, 1984:6). Gedrag dui dus op iemand se optrede - sy handelswyse. Gewoonlik word die term "gedrag" gebruik wanneer iemand se optrede in 'n bepaalde sosiale konteks geëvalueer en beskryf word (Pitout, 1984:6).

### 2.3.4 Norme

Die term "norm" is afgelei van die Latynse "norma", wat 'n winkelhaak beteken. In die gedragswetenskappe word die term "norm" gebruik as 'n instrument (maatstaf) waarmee menslike handeling gemeet word (Kriel, 1993:11-12). So byvoorbeeld word

iemand se gedrag aan verwagte standaarde of norme gemeet (Prinsloo & Beckmann, 1987:176). Gewoonlik word volwassenheid gemeet aan die individu se vermoë om oor sy keuses verantwoording te doen. In hierdie opsig wys Pitout (1984:105) daarop dat 'n mens homself gedra omdat dit deel van homself is en nie omdat voorskrifte dit van hom verwag nie.

Die norme wat met die onderwyskonteks verband hou, blyk daardie maatstawwe of reëls te wees wat deur die gemeenskap as aanvaarbare voorskrifte beskou word. Die professionele opvoeder moet dus sorg dra dat hy binne die aanvaarbare voorskrifte (norme) van 'n bepaalde gemeenskap optree.

### 2.3.5 Professionele etiek

Vanaf die beginjare is daar besef dat die voorregte wat met status (professionele etiek) saamgaan 'n dienooreenkomstige verbintenis plaas om aanvaarbare professionele en etiese standaarde daar te stel. So het John Dewey in 1915 tydens die eerste vergadering van die American Association of University Professors gesê dat een van die belangrikste prioriteite van hierdie assosiasie die ontwikkeling van professionele standaarde sal wees wat net so nougeset sal wees met betrekking tot die verpligtinge wat vryheid oplê as wat dit gesteld sal wees op vryheid self (American Association of University Professors, 1993:73).

Die vertrekpunt van professionele etiek is integriteit en opoffering, en nie selfsugtige eiebelang nie. 'n Groep mense met gemeenskaplike doelstellings wat probeer om hulle optrede na die doelstellings te skik, om dit selfs te standaardiseer sodat 'n bepaalde standaard van optrede sal geld, behoort tot 'n professie (Van Tonder, 1984:7).

Professionele etiek dui op daardie etiek wat van toepassing is op 'n bepaalde professie. Dit verwys na daardie norme of reëls wat op 'n besondere groep praktisyns, soos byvoorbeeld die onderwyskorps, van toepassing is (Prinsloo & Beckmann, 1987:177). Dit is gerig op die bereiking van sekere ideale en die uitvoering van besondere praktyke, wat hulle ontstaan vind in 'n bepaalde professionele persoon se professionele voorregte en verantwoordelikhede (Pitout, 1984:119).

Halsstarrige selfversekerdheid kan net so nadelig inwerk op 'n professie soos passiewe twyfel (De Witt, 1979:43). In albei gevalle word daar gewoonlik nie afgewyk van ou bekende weë nie. Die onintelligentes is meesal so selfversekerd en die intelligentes so vol twyfel dat die professie stagneer (De Witt, 1979:43). De Witt (1979:43) vind dit

vreemd dat mense skaam is vir verslete klere en meubels, maar nie vir uitgediende filosofieë en stereotiepe idees nie.

In die tydperk van beperkte ontwikkelingsfasiliteite was toegewyde leerkragte soos ongekroonde konings. Die samelewing het in elke opsig na hulle opgesien vir leiding. 'n Mens se kennis, karakter en persoonlikheid bepaal jou ware wese en aansien (De Witt, 1979:46).

Bogenoemde sieninge aangaande professionele etiek kan soos volg saamgevat word: Professionele etiek behels daardie maatstawwe, reëls en voorskrifte wat deur 'n bepaalde professie as norme aanvaar word. Professionele etiek in die onderwys se slaankrag is baie wyer as net die onderwys, want deur die opvoeders se uitlewing van professionele etiek kan sosiale euwels beperk, maatskaplike orde herstel en waardes geskep word wat op die moreel-sedelike behoud gerig is.

**2.3.6 Bekwaamheid**

Volgens die regswoordeboek van Hiemstra en Gonin (1990:27) dui die term "bekwaamheid" op die vermoë, geskiktheid, bevoegdheid en kwalifikasies van 'n persoon om 'n sekere taak te behartig. Hierteenoor dui "onbekwaamheid" op onvermoë, ongeskiktheid, onbevoegdheid en diskwalifikasie (Hiemstra & Gonin, 1990:65). Odendal *et al.* (1984:755) beskryf onbekwaamheid as 'n handeling wat sonder kundigheid is, of wat onbedrewe skyn te wees.

Bekwaamheid en onbekwaamheid hou volgens Badenhorst (1986:154) regstreeks verband met die wyse waarop 'n onderwyser sy pligte uitvoer. Die Wet op Onderwysaangeleenthede (70:1988) verwys na 'n onbekwame onderwyser as 'n onderwyser wat "ongeskik" is of "nie in staat is" om die pligte verbonde aan sy pos op 'n bekwame wyse uit te voer nie.

Volgens Bull (1988:46) bestaan bekwaamheid uit vier kernelemente, naamlik

- morele begrip,
- ontwikkelingsbegrip,
- die bemeestering van die vakinhoudelike, en
- opvoedkundige vaardigheid.

Bull (1988:46) wys egter daarop dat hierdie vier elemente nie onafhanklik van mekaar staan nie.

Die bogenoemde kan soos volg saamgevat word: 'n Onbekwame onderwyser is een wat nie volledig toegerus is vir sy pos of vir die taak wat hy veronderstel is om te verrig nie. Sodanige onderwyser het óf 'n gebrek aan genoegsame kennis óf het nie die fisieke of psigiese vermoë om sy taak op 'n bevoegde of bekwame wyse uit te voer nie.

**2.3.7 Status**

Volgens die Wharton's Law Lexicon is die begrip "status" oorspronklik as 'n regsterm gebruik vir "the legal position or condition of a person" (RSA, 1969:8). Die begrip "status" het mettertyd 'n meer sosiale betekenis gekry. Die studie van sosiale status is by uitstek die terrein van die sosiologie en dit gaan oor die posisie van 'n individu met betrekking tot ander individue, of die individu se posisie binne die maatskaplike bestel (Basson, 1991:4). Enige sosiale sisteem bestaan uit 'n verskeidenheid posisies, waarvan sommige 'n hoër aansien of prestige as ander het. Nou hieraan gekoppel is die waardering of respek wat deur die persoon self verdien word op grond van persoonlike kwaliteite en prestasies. Status is die waardering of respek toegeken aan 'n posisie en/of persoon en sluit dus prestige en/of agting in (Cilliers & Joubert, 1966:266-267).

Basson (1991:8) wys daarop dat daar min dinge so belangrik vir 'n persoon is as die status van sy beroep. Volgens Bierstedt (1970:252) is beroepstatus die sleutelstatus, en deur 'n persoon se beroepstatus kan menings van verskeie ander statusse, soos byvoorbeeld sosiale status, gevorm word.

Die begrip "status" kan soos volg saamgevat word:

- Status word verwerf aan die hand van die volgende algemene kriteria:
  - Die status wat die individu se professie in die gemeenskap geniet.
  - Die individu se akademiese status word bepaal deur sy opleidingspeil en die moeilikheidsgraad van die opleiding.
  - Die individu se persoonlike status word bepaal deur aspekte soos lewenstandaarde, waardebegrip en optrede.
  - Die individu se sosiale status hang af van die sosiale kringe waarin hy beweeg.
- Status is, net soos professionaliteit, 'n nimmereindigende groeiproses.

- Status is 'n belangrike determinant om die posisie van die opvoeder in die gemeenskap te bepaal.
- Status in die onderwysprofessie hang van die onderwysprofessie, dus elke professionele opvoeder, self af.

### 2.3.8 Vakbonde

Volgens die Trade Union and Labour Relations Act van 1974 in die Engelse reg is 'n vakbond se vernaamste doelwit om die verhouding tussen die werknemer en werkgewer te reguleer (Van Jaarsveld & Van Eck, 1992:167). Volgens Artikel 5 in die Amerikaanse National Labour Relations Act van 1935 is 'n vakbond onder meer daar om aan griewe van werkers, arbeidsdispute, lone, werksure en werksomstandighede van werkers aandag te skenk (Van Jaarsveld & Van Eck, 1992:167).

Die volgende tipes vakbonde word vandag aangetref (Slabbert, 1991:40-41):

- Ambagsvakbonde
  Hierdie vakbonde staan ook as geslote vakbonde bekend. Werknemers wat 'n spesifieke beroep of taak verrig, behoort hieraan. Hierdie tipe vakbond is nie beperk tot werkers van 'n spesifieke nywerheid nie.

- Nywerheidsvakbonde
  Hierdie is die sogenaamde oop vakbonde. Hierdie tipe vakbonde probeer om alle werkers in 'n enkele bedryf, soos byvoorbeeld die boubedryf, te organiseer. Hierdie tipe vakbonde organiseer op die beginsel van gemeenskaplikheid van werksomstandighede.

- Algemene vakbonde
  Letterlik enige werknemer kan by hierdie tipe vakbond aansluit. Die Congress of South African Trade Unions (COSATU) is 'n voorbeeld van hierdie tipe vakbond, en omdat dit op die beginsel van gemeenskaplikheid van werknemersbelange funksioneer, is dit 'n sambreelorganisasie vir baie werkers.

- Witboordjie vakbonde
  Hierdie tipe vakbond is 'n relatief nuwe tipe vakbond. Witboordjie werknemers het nie voorheen 'n behoefte aan 'n georganiseerde organisasie gehad nie, omdat die gaping tussen hulle en blouboordjie werkers relatief groot was. Hierdie gaping het gaandeweg verdwyn en die witboordjie werknemers het hulle gewend

tot die stigting van vakunies om hulle deur middel van kollektiewe optrede weerbaar te maak teen die werkgewers.

Die kernfeite betreffende vakbonde kan soos volg saamgevat word:

- Vakbonde in Suid-Afrika het 'n sterk organisasie geword waarmee deeglik rekening gehou moet word. Selfs in die Suid-Afrikaanse onderwys bestaan daar nou 'n vakbond, naamlik die Suid-Afrikaanse Demokratiese Onderwysersunie (SADOU), wat by die sambreelorganisasie COSATU (Congress of South African Trade Unions) geaffilieer is.
- In die Suid-Afrikaanse onderwysopset behoort reeds 40% van die totale aantal opvoeders aan die Suid-Afrikaanse Demokratiese Onderwysersunie (SADOU).

## 2.4 PROFESSIONALISERING VAN DIE ONDERWYS

Vroeëre opvattinge oor onderwysers maak dit moeilik om te glo dat die onderwysberoep vandag op professionalisering aanspraak maak. Soder (1986:8) wys daarop dat die persepsie vroeër bestaan het dat manne wat nie kon seil nie, onderwysers geword het, en dat die vroue wat nie kon trou nie, onderwyseresse geword het. Van Vuuren (1981:12) verwys ook na 'n Griekse wysgeer wat van mening was dat daar van persone wat deur die gode gehaat is, onderwysers gemaak is.

In die VSA was die gedrag van onderwysers sedert die begin van formele onderwys 'n saak van openbare belang (Brooks, 1990:1). Alreeds in 1841 het die Bostonse Raad van Onderwys in hulle jaarverslag daarop aangedring dat onderwysers vir leerlinge 'n voorbeeld in "department, dress, conversation and all personal habits" moet wees (Brooks, 1990:11). Selfs in die 1930's het onderwysers betreklik min vryheid in hulle persoonlike lewe geniet (Brooks, 1990:17). Gedurende die 1970's is daar in die VSA gereeld dissiplinêre stappe geneem teen onderwysers wat aan vakbondaktiwiteite deelgeneem het (Brooks, 1990:20). In 1974 verskyn daar byvoorbeeld 'n artikel in die *Wall Street Journal* onder die veelseggende opskrif, "More teachers Fight Efforts to Fire Them for Personal Conduct" (Brooks, 1990:25).

Walden (Brooks, 1990:224) skryf in 1974 dat 'n onderwyser se privaat gedrag, solank as wat dit privaat, persoonlik en verwyderd van die werkplek is, nie onderworpe behoort te wees aan enige ondersoek van die werkgewer nie.

'n Onderwyser se lewenstyl is in die verre verlede hoofsaaklik bepaal deur die skoolstelsel waaraan hy verbonde was. So byvoorbeeld is daar in 1915 'n gedragskode vir onderwyseresse deur die West Virginia Board of Education gepubliseer wat op die volgende bepalings neergekom het (La Morte, 1993:226):

- Jy mag nie tydens jou kontrakperiode in die huwelik tree nie.
- Mans se geselskap is ongewens.
- Jy moet tussen agtuur saans en sesuur soggens tuis wees, behalwe in die geval van skoolfunksies.
- Jy mag nie in die onderdorp se roomyswinkels rondflenter nie.
- Jy mag nie sonder die toestemming van die voorsitter van die skoolraad buite die grense van die stad reis nie.
- Jy mag nie saam 'n man in 'n motor ry nie, behalwe as die man jou vader of jou broer is.
- Jy mag nie rook nie.
- Jy mag nie helderkleurige uitrustings dra nie.
- Jy mag nie jou hare kleur nie.
- Jy moet ten minste twee onderrokke dra.
- Jou rok mag nie korter as twee duim bokant die enkel wees nie.
- Die klaskamer moet skoon en netjies gehou word; jy (die onderwyseres) moet die vloer ten minste een keer per dag vee; die vloer ten minste een keer per week met warm seepwater skrop; swartborde ten minste een keer per dag skoonmaak; die vuur soggens teen seweuur aansteek sodat die kamer teen agtuur warm sal wees.

Op eie bodem verwys Van Dyk (1994:9) na sekere diensvoorwaardes vir onderwysers wat in 1872 gegeld het:

- Onderwysers moes elke dag die skoorsteen skoonmaak.
- Manlike onderwysers kon een aand van die week gebruik vir "courting purposes", of twee aande per week indien hulle gereeld kerk bywoon.
- Na tien ure se onderrig is van onderwysers verwag om die res van die tyd aan die lees van die Bybel af te staan.
- Onderwyseresse wat sou trou of in "other unseemly conduct" betrokke sou raak, sou dadelik uit die diens ontslaan word.
- Enige onderwyser wat sou rook, alkohol in enige vorm gebruik, in biljardkamers kuier of wat deur die barbier geskeer sou word, "will give good reason to suspect his worth and honesty".

Met die verloop van jare is die beginsel aanvaar dat onderwysers vir hul leerlinge 'n voorbeeld ten opsigte van kleredrag, voorkoms, sosiale lewensgenietinge en morele standaarde moet wees. Onderwysers van die verlede het geweet dat dronkenskap, egskeiding en immorele gedrag tot hulle onmiddellike ontslag sou lei (La Morte, 1993:226).

## 2.5 DIE VAKBONDWESE IN DIE ONDERWYS

Daar bestaan 'n algemene persepsie in Suid-Afrika dat 'n vakbond 'n liggaam vir die laerklas werker is, dit wil sê die onprofessionele werker (Coetzee, 1994b:12). Vandag bestaan daar hoofsaaklik vier tipes vakbonde, naamlik ambagsvakbonde nywerheidsvakbonde, algemene vakbonde en die sogenaamde witboordjie vakbonde (Slabbert, 1987:94).

Vakbonde en arbeidsverhoudinge is nie 'n nuwe konsep in Suid-Afrika nie. Dit kan teruggevoer word tot die mens se reg op bestaan; 'n konsep wat dwarsdeur die wêreld teruggevoer kan word (Slabbert, & Steyn, 1987:11). Die vakbondbeweging is gebore uit die Industriële Revolusie in Engeland. Werkgewer en werknemer was tydens daardie tyd baie ver van mekaar verwyder. Die individuele werker het magteloos gestaan teenoor die werkgewers en die staat in 'n maatskaplike situasie sonder enige verwysingsraamwerk. Die aanvanklike doelwitte van die vakbond was beperk tot die werksituasie, maar het geleidelik 'n politieke element bygekry (Slabbert & Steyn, 1987:91).

Beckmann (1994:4) verwys na die "General Teaching Council for Scotland" wat bestaan uit onderwysersorganisasies wat as vakbonde gekarakteriseer kan word, maar wat terselfdertyd die idee van professionele beheer sterk bevorder het. Hierdie liggaam het die meeste magte van alle professionele beheerliggame in die onderwys in Skotland, en tog is hulle vakbonde (Beckmann, 1994:4).

### 2.5.1 Historiese aanloop

Die begrip van 'n "unie" (union) in die onderwys het al reeds in 1905 sy beslag in Suid-Afrika verkry. Botha (1991:58) verwys na die eerste kongres van die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (SAOU) in 1905 waar drie hooggeplaasdes van die "unie" hul opwagting by die Departement gemaak het. Die hooggeplaasdes wou die besluite van die kongres met die Superintendent-generaal deel, maar hy het net een organisasie erken, naamlik die "South African Teachers Association" (SATA). Die afgevaardigdes se voorstelle van die "unie" was boonop nog in Hollands terwyl die amptelike taal Engels was. Toe die

Superintendent-generaal weier om die "unie" se afgevaardigdes te woord te staan, het een van die afgevaardigdes opgemerk: "Wel heren, wy zyn in ons eigen land vreemdelingen geworden, maar onze tyd sal ook wel komen" (Botha, 1991:58). Hierdie profetiese woorde was die begin van arbeidsverhoudinge tussen die Departement as werkgewer en die onderwyser as werknemer (Botha, 1991:58).

Die Suid-Afrikaanse Demokratiese Onderwysersunie (SADOU) is die eerste onderwysersorganisasie wat as 'n vakbond bekend wil staan en wat duidelik by die breër vakbondwese aanklank vind (Beckmann, 1994:1). 'n Professionele vakbond neem al hoe meer die vorm van 'n praktiese realiteit aan (Beckmann, 1994:4).

Die ontstaan van die Suid-Afrikaanse Demokratiese Onderwysersunie (SADOU) kan teruggevoer word na die Harare-konferensie van onderwysers in April 1988 (Thurlow, 1992:36). Die Harare-konferensie is gebore uit die stryd teen apartheid, want reeds in 1985 het sommige onderwysverenigings weggebreek van die amptelik erkende onderwysersorganisasies. Die volgende onderwyserorganisasies was by die Harare-konferensie verteenwoordig: African Teachers Association of South Africa (ATASA), United Teachers Association of South Africa (UTASA), Teachers Association of South Africa (TASA), NEUSA, DETU, WECTU, EDASA, PTA en die PTL. Die oorkoepelende doelstelling van hierdie konferensie was om 'n onderwysliggaam daar te stel wat 'n nasionale, nie-rassige unie daar sal stel vir alle onderwysers. Uit die Harare-konferensie is die "National Teacher Unity Forum" (NTUF), wat onder die vaandel van COSATU (Congress of South African Trade Unions) sou funksioneer, gebore (SADTU, 1994:?).

Onder die vaandel van die "National Teacher Unity Forum" (NTUF), wat op 'n streekgrondslag georganiseer is en in Maart 1989 sy beslag gekry het, is daar planmatig gewerk aan die totstandkoming van 'n enkele vakunie vir onderwysers, naamlik SADOU (Suid-Afrikaanse Demokratiese Onderwysersunie) (Coetzee, 1994b:14). Die Suid-Afrikaanse Demokratiese Onderwysersunie (SADOU) is amptelik op 6 Oktober 1990 gestig. Tydens die stigtingsgeleentheid het Minister J. Naidoo, destyds van COSATU, gesê dat SADOU 'n reus is wat sal help om 'n nuwe bestel te definieer wat tot vrede en geregtigheid sal lei. Ook President Nelson Mandela het tydens hierdie geleentheid opgemerk: Hierdie kongres is 'n baken van hoop vir alle Suid-Afrikaners - hoop dat daar 'n einde gebring sal word aan Bantoe-onderwys; hoop dat die aspirasies van onderwysers nou deur 'n verenigde stem verteenwoordig sal word; hoop dat 'n basis vir 'n enkele, demokratiese onderwysstelsel gelê is (Mseleku, 1991:1).

Ondertussen is daar statutêre erkenning verleen aan die Suid-Afrikaanse Demokratiese Onderwysersunie (SADOU) (Anon., 1993:107). Volgens Van Niekerk (1994:6), asook Anon. (1994b:9), het die Suid-Afrikaanse Demokratiese Onderwysersunie (SADOU) in slegs vier jaar gegroei tot 'n organisasie wat reeds ongeveer 40% van die moontlike opvoeders in die land as ingeskrewe lede het. In 'n empiriese ondersoek onder blanke, sekondêre onderwysers in die eertydse Kaapprovinsie (Kriel, 1993:104) is bevind dat die meeste onderwysers daarmee saamstem dat 'n vakbond die professionele belange van die onderwyser beter kan behartig as die eertydse Federale Onderwysersraad (FOR).

Volgens SADOU is die aspekte rakende vakbondwese en die professionele aspekte van die organisasie twee kante van dieselfde munt (Coetzee, 1994b:16). Die vraag wat allereers beantwoord moet word, is of onderwysers professionele persone of werkers is. Coetzee (1994b:15) haal Matshiqi van die National Education Union of South Africa aan wat argumenteer dat onderwysers werkers en nie professionele persone is nie, omdat onderwysers nie toegelaat word om hul werk self te beplan en te beheer nie. Die *Weekly Mail* (1987:4) het reeds in 1987 daarop gewys dat onderwysers, in teenstelling met byvoorbeeld mediese dokters en prokureurs, nie professionele outonomie geniet nie, omdat hulle in die beoefening van hulle professie aan departementele voorskrifte onderworpe is (*Weekly Mail*, 1987:4). Die *Weekly Mail* (1987:4) wys verder daarop dat onderwysers verskil van ander professionele persone, omdat mediese dokters en prokureurs bo en behalwe hul professionaliteit ook entrepreneurs is.

SADOU is van mening dat die vakbondwese en professionaliteit nie opponerende gedagtes behoort te wees nie (Coetzee, 1994b:15). SADOU aanvaar dat professionaliteit 'n belangrike beginsel in die onderwys is, maar verwerp die aanname dat dit onprofessioneel is om te veg vir die materiële belange van onderwysers deur gebruik te maak van meganismes soos stakings. Coetzee (1994b:15) wys daarop dat dit egter 'n realiteit is dat onderwysers opvoeders is en dat hulle aan die ander kant werkers is.

Alhoewel die Suid-Afrikaanse Demokratiese Onderwysersunie (SADOU) selfs in sy eie geledere as 'n vakbond bekend staan, wil dit tog uit die ongepubliseerde gedragskode van SADOU voorkom asof hulle die primêre beginsels van 'n professie onderskryf. In die inleiding tot hierdie gedragskode word die volgende beginsel neergelê:

> Die professionele gedragskode stipuleer die minimum standaarde vir professionele gedrag van onderwysers en is nie 'n volledige lys van sodanige standaarde nie. Enige lid van SADOU wat die standaarde van die professie oortree of die voorskrifte van die gedragskode verontagsaam, kan onderwerp word aan dissiplinêre maatreëls van

die unie. Die uitleg van die gedragskode erken die onderlinge wisselwerking tussen die opvoeder en sy verhouding tot die ander onderwysbelanghebbendes.

## 2.6 ONDERWYSERPROFESSIONALITEIT TEENOOR ONDERWYSERVAKBONDE

Volgens Artikel 5 (1) (a) van die Wet op Arbeidsverhoudinge in die Onderwys (146:1993) het werknemers die reg om by 'n werknemersorganisasie van hul eie keuse aan te sluit, of glad nie aan 'n werknemersorganisasie te behoort nie. Volgens Regulasiekoerant No. 5412 (1994:4) sal daar egter 'n nasionale registrasieliggaam vir alle opvoeders ingestel word (die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders), en alle opvoeders sal verplig word om by hierdie liggaam te registreer ten einde as 'n onderwyser te kan praktiseer.

Tans word die georganiseerde onderwysprofessie in Suid-Afrika verteenwoordig deur twee erkende statutêre werknemersorganisasies, naamlik die Suid-Afrikaanse Demokratiese Onderwysersunie (SADOU) en die te stigte Nasionale Professionele Onderwysersorganisasie van Suid-Afrika (NAPOOSA). Die genoemde organisasies is ook lede van die Raad op Arbeidsverhoudinge in die Onderwys, wat gestig is in terme van die Wet op Arbeidsverhoudinge in die Onderwys (146:1993) (NAPTOSA:1994).

Uit die bogenoemde paragraaf is dit duidelik dat beide werknemersorganisasies statutêre bestaansreg het. Die feit dat die twee organisasies nie in een organisasie saamgesmelt is nie, is die gevolg van fundamentele verskille rakende die twee organisasies se beleidstandpunte.

### 2.6.1 Die vernaamste verskille tussen die Suid-Afrikaanse Demokratiese Onderwysersunie en die Nasionale Professionele Onderwysersorganisasie van Suid-Afrika

Die idee van professionele organisasies en vakbondgeoriënteerde organisasies bestaan naas mekaar in verskeie lande van die wêreld (Taunyane, 1992:2). Elke onderwyser het die reg van vryheid om te kies aan watter organisasie hy verbonde wil wees, en daarom is daar nie werklik sprake van organisasies wat "goed" of "kwaad" is nie (Taunyane, 1992:2). In Suid-Afrika is daar nog tot onlangs geargumenteer dat die onderwysprofessie nie met die metodes en tegnieke van vakbonde versoenbaar is nie (Beckmann, 1994:3).

Beckmann (1994:4) wys daarop dat die idee van die gebruik van vakbondmeganismes en professionele ingesteldheid nie totaal onversoenbaar is nie. Beckmann (1994:4) verwys na Skotland waar sekere onderwysersorganisasies, wat hulself as vakbonde karakteriseer, inderdaad die idee van professionele beheer sterk bevorder het. In Skotland bestaan die "General Teaching Council for Scotland" wat waarskynlik die meeste magte van alle professionele beheerliggame in die onderwys het, en tog is die onderwysersorganisasies wat die lede van die Raad voorsien, vakbonde.

In Suid-Afrika kan daar met reg verwys word na die herprofessionaliseringsfase van onderwysersorganisasies. Die totale onderwysbestel is in die fase van hergroepering, weg van die apartheidstelsel af (Taunyane, 1992:3). Die uiteindelike onderskeid tussen 'n professionele liggaam en 'n vakbond is nie geleë in die metode of die meganismes van onderhandelings nie, maar eerder in die benadering en ingesteldheid tot die kliënt in sodanige professie.

Die verskille tussen 'n professionele onderwysersraad en 'n onderwysersvakbond word in die volgende paragraaf aangedui.

#### 2.6.1.1 Verskille ten opsigte van professionaliteit en beleid

Aspekte soos optrede, aspirasies, ideale en ideologieë word hierby ingesluit

Die Suid-Afrikaanse Demokratiese Onderwysersunie (SADOU) is in sy wese 'n vakbond (Beckmann, 1994:1) en vind beter aanklank by vakbondorganisasies. Hierdie aspek word beklemtoon deur die Grondwet van die Suid-Afrikaanse Demokratiese Onderwysersunie (SADTU, 1994:?) waarin vermeld word dat hierdie organisasie geaffilieer is by die Congress of South African Trade Unions (COSATU).

Die Nasionale Professionele Onderwysersorganisasie van Suid-Afrika (NAPOOSA) beskou hulleself as 'n professionele organisasie wat hulle verbind het tot 'n hoë vlak van professionaliteit (Anon., 1994b:9). Die Nasionale Professionele Onderwysersorganisasie van Suid-Afrika (NAPOOSA) is 'n nasionale federale liggaam wat uit agtien (18) onderwysersliggame bestaan. Die onderskeie onderwysersorganisasies wat deel van die federasie uitmaak, behou egter elkeen sy eie identiteit. Dit bring mee dat slegs organisasies of verenigings, en nie individuele lede nie, deel van NAPOOSA kan uitmaak (Prinsloo, 1995).

Die Suid-Afrikaanse Demokratiese Onderwysersorganisasie (SADOU) is 'n nasionale unitêre liggaam waarvan die magte afgewentel is na streke wat op hul beurt weer die mag afwentel na die onderskeie takke (Hindle, 1993:13). Enige onderwysersorganisasie wat 'n vakbondrol wil speel, kan nie van die politieke proses ontkom nie (Thurlow, 1992:39).

'n Vakbond, en daarom ook die Suid-Afrikaanse Demokratiese Onderwysersunie (SADOU), kan hulle dus nie loswikkel uit 'n bepaalde politieke ideologie nie (Coetzee, 1994b:13). Die Nasionale Professionele Onderwysersorganisasie van Suid-Afrika (NAPOOSA) is verbind tot geen partypolitieke bande nie. Dit beteken egter nie dat hierdie organisasie glad nie in politieke kwessies belangstel nie. Die groot verskil lê egter daarin dat hierdie organisasie (NAPOOSA) slegs by politieke kwessies betrokke sal raak indien sodanige politieke kwessies met die sake van die onderwys verband hou. NAPOOSA sal dus "veg" vir die saak van die onderwys (Coetzee, 1994b:13).

'n Verbandhoudende aangeleentheid is nietemin die mate waartoe onderwysers voel dit korrek en geregverdig is om die politieke proses te bevraagteken of om polities aktief te wees. Dit sal weer afhang van die spesifieke wyse waarop onderwysersorganisasies "onderwysaangeleenthede" interpreteer. Daar kan ook gevra word: As organisasies die uitskakeling van diskriminasie in die onderwys en die stigting van een onderwysstelsel onderskryf, kan hulle dit dan regverdig as hulle nie ook betrokke is by die breër sosio-politiese transformasieproses nie? (Thurlow, 1990:11-14).

Die meganismes wat deur vakbonde gebruik word om hulle ideale te verwesenlik, is egter in 'n onderwysverband te radikaal en te revolusionêr; dit kan volgens Van Wyk (1991:57) tot die vernietiging van die onderwys lei. Volgens Taunyane (1992:4) bestaan daar 'n algemene persepsie dat vakbonde hul taak beperk tot aangeleenthede soos salarisse, werksure en werksomstandighede, en nie sensitief is ten opsigte van die opvoedende onderwysbehoeftes van die land in sy geheel nie.

Die Suid-Afrikaanse Demokratiese Onderwysersunie (SADOU) kan volgens Slabbert (1987:96) beskou word as 'n witboordjie vakbond. Mseleku (1991:3) wys daarop dat die Suid-Afrikaanse Demokratiese Onderwysersunie (SADOU) verkies om as 'n vakbond, bestaande uit professionele persone, bekend te staan. Alhoewel Rust (1993:146) die Nasionale Professionele Onderwysersorganisasie van Suid-Afrika (NAPOOSA) as 'n sogenaamde "samewerkende vakbond" tipeer, is NAPOOSA nie as 'n vakbond geregistreer nie. In die lig van paragraaf 2.3.8 (rakende vakbonde) kan die Nasionale Professionele

Onderwysersorganisasie van Suid-Afrika (NAPOOSA) as 'n professionele vakbond geklassifiseer word.

Volgens die termynverslag 1991-1993 van die Nasionale Onderwysersorganisasie van Suid-Afrika (NAPOOSA) (1994:6) het hulle hulself verbind tot 'n hoë mate van professionaliteit, asook 'n hoë mate van professionalisme by alle onderwysers. Volgens Taunyane (1992:3) is NAPOOSA verbind daartoe om 'n leerkultuur asook 'n onderrigkultuur na alle sfere van die onderwys terug te bring.

Die breë gemeenskap se persepsie van 'n vakbond in die onderwys is dat lede van die vakbond geen professionaliteit aan die dag lê nie (Chamberlain, 1991:55). Hierdie opvatting is volgens Mseleku (1991:2) 'n mistasting. Mseleku (1991:2) wys daarop dat die vakbondwese, en in besonder die Suid-Afrikaanse Demokratiese Onderwysersunie (SADOU), nie professionaliteit verwerp nie maar eerder konkrete uitdrukking aan professionaliteit verskaf. Die oorkoepelende doelwit van die Suid-Afrikaanse Demokratiese Onderwysersunie (SADOU) is om die onderwysprofessie en sy lede te verbeter (Mseleku, 1991:3). Die onderwysers kan volgens Nxesi (1993:8) slegs as ware professionele persone funksioneer as daar maksimale steungewing aan die onderwyser gebied word.

Taunyane (1992:4) wys daarop dat die gemeenskap onder die indruk verkeer dat slegs ware professionele persone sal kan help om die gehalte van onderrig merkbaar te verbeter. Onderwysers moet egter eers soos professionele persone behandel word voordat daar verwag kan word dat die gehalte van onderrig en leer kan verbeter (Taunyane, 1992:4).

#### 2.6.1.2 Verskille ten opsigte van die siening van die kind

In terme van Artikel 32 van die Grondwet (200:1993) word elke persoon se reg op onderwys gewaarborg. 'n Vakbond soos die Suid-Afrikaanse Demokratiese Onderwysersunie (SADOU) erken die onderwysers se professionele verantwoordelikheid ten opsigte van die ontwikkeling van die kind. Hierdie verantwoordelikheid word egter aan politieke, ekonomiese en ideologiese oorwegings in die vakbondorganisasie ondergeskik gestel (Hindle & Simpson, 1992:16).

Chamberlain (1991:55) wys daarop dat die gemeenskap onder die indruk verkeer dat vakbonde en hulle lede primêr met die belange en regte van die onderwysers gemoeid is. Die belange van die ouers en kinders word as sekondêr beskou, dit wil sê as ondergeskik aan die belange van die onderwysers. Kruger (1994:3) verwys na onlangse

stakings deur lede van die Suid-Afrikaanse Demokratiese Onderwysersunie wanneer hy sy twyfel oor die unieke dienslewering van onderwysers uitspreek. Hierdie tipe van optrede word deur Kriel (1995:5) as 'n skending van die kind se regte beskou en versterk die gemeenskap se wantroue in die onderwysprofessie.

Die Nasionale Professionele Onderwysersorganisasie van Suid-Afrika beskou die behoorlike ontwikkeling van die kind as die primêre taak en verantwoordelikheid van die onderwyser (Hindle & Simpson, 1992:16). Die Nasionale Professionele Onderwysersorganisasie van Suid-Afrika (NAPOOSA) se termynverslag van 1991-1993 (1994:6) beskou kwaliteitonderrig as die onvervreembare reg van elke kind. Volgens De Vries (1994:15) kan hierdie taak slegs suksesvol uitgevoer word as die onderwyser 'n rolmodel vir die leerlinge is, stiptelik en gereeld hulle onderrigtaak in die klaskamer uitvoer, voorbereid vir hul klasse is, hul onderwystaak toegewyd uitvoer, behoorlike dissipline in die klas uitoefen, selfdissipline toepas en 'n hoë morele standaard handhaaf. Kruger (1994:3) is van mening dat die stakings, krytsmytery en vandalisme van onderwysers nie bevorderlik vir die behoorlike ontwikkeling van die kinders is nie.

Mnr Taunyane het tydens 'n mediaverklaring op 11 November 1994 daarop gewys dat, alhoewel die Nasionale Professionele Onderwysersorganisasie van Suid-Afrika (NAPOOSA) 'n baie hoë premie op die maksimale ontwikkeling van die kind plaas en 'n hoë mate van professionalisme van sy onderwysers verwag, dit nie beteken dat hierdie organisasie 'n "strooipop" vir almal sal wees nie. Mnr. Taunyane het hierdie stelling op 11 November 1994 gestaaf in 'n mediaverklaring oor salarisonderhandelinge, waarin hy onder meer gesê het dat, indien bevredigende vordering nie gemaak word nie, 'n formele dooie punt verklaar sal word, wat tot ernstige industriële aksie kan lei.

### 2.6.2 Sintese

Gemeet aan die kenmerke van 'n professie wil dit voorkom asof daar heelwat aspekte in die onderwysopset van Suid-Afrika is wat nie aan die vereistes vir 'n professie voldoen nie. Onder die huidige omstandighede is die daarstelling van professionaliteit in die Suid-Afrikaanse onderwys slegs 'n toekomsideaal. Die Suid-Afrikaanse onderwysprofessie is in sy huidige vorm eerder 'n "kwasiprofessie" (Strike, 1990:91). Dit beteken egter nie dat daar nie na die ideale van 'n professie gestreef kan word nie (Anon., 1983a:4). Die gemeenskap behoort ook voortdurend bewus gemaak te word van die belangrikheid van die onderwys (Terblanche, 1979:20). Die professionaliseringsproses kan op onder andere die volgende vlakke geskied (Terblanche, 1979:20):

- Die verskaffing van diens wat van die hoogste standaarde en etiese norme getuig.
- Die ontwikkeling van 'n positiewe gesindheid by onderwysers, en die aanmoediging tot verdere studie.
- Die beklemtoning van die belangrikheid van positiewe en dinamiese onderwys- en ander leiers.

Die gemeenskap sien die onderwyser gewoonlik op een van twee maniere. Die een groep beskou hom as 'n slaaf (soos in die Romeinse tyd) wat nie baie behoort te verdien nie, omdat hy te veel vakansies het en te min werk. Die ander groep beskou hom as 'n belangrike rolspeler in 'n generasie waarin dit belangrik is om spesifieke hoogtes te bereik (De Witt, 1979:3).

Die toegewyde, idealistiese onderwyser het nooit nodig om doelbewus na aansien of status te soek nie. Indien hy sy professionele roeping as onderwyser op 'n voortreflike wyse vervul en deur begripvolle, besielende, medemenslike optrede 'n navolgenswaardige voorbeeld aan die kind stel, sal hy outomaties die aansien en respek van sy kliënte (die kind en sy ouers) geniet (De Witt, 1979:4).

Daar is diegene wat glo dat deregulasie die onderwys vanself sal laat "regkom". Om beter kandidate vir die onderwysberoep te werf, is dit belangrik dat die beeld en aantreklikheid van die onderwys as 'n professie so gou as moontlik verbeter moet word (Johnson & Henning, 1987:5-7).

## 2.7 KODERING VAN ONDERWYSERPROFESSIONALITEIT

Die kodering van onderwyserprofessionaliteit impliseer die stelselmatige versameling van reëls en prosedures wat deur 'n bepaalde groep onderling erken word. Die kodering van onderwyserprofessionaliteit in Suid-Afrika sal die daarstelling wees van bepaalde riglyne en prosedures waarvolgens die opvoeder sy werk as professioneel kan beskou. Die riglyne en prosedures moet egter onderling erken word, sodat die lede van die professie mede-eienaarskap van die bepaalde riglyne en prosedures kan aanvaar.

Die kodering wat in hierdie afdeling ter sprake is, is die kodering wat vanuit die professie self kom. Die riglyne wat deur die lede van die professie vasgestel is, word deur vasgestelde prosedures deur lede van die professie self toegepas.

Die besprekingsdokument van die ANC (1994a:56) beskou die vorige reëling van die georganiseerde onderwysprofessie deur die statutêre en gemene reg as uiters swak, omdat hierdie wette en regulasies nie 'n werkbare raamwerk daarstel vir gesamentlike bedinging en dispuutoplossing nie.

Alhoewel daar in hierdie bespreking op die werksaamhede, bevoegdhede en geskiedenis van die Federale Onderwysersraad (FOR) gekonsentreer sal word, moet daarop gelet word dat die Federale Onderwysersraad (FOR) nou deel uitmaak van die te stigte Nasionale Professionele Onderwysersorganisasie van Suid-Afrika (NAPOOSA). Volgens die Wet op Arbeidsverhoudinge in die Onderwys (146:1993) en die Regulasiekoerant No. 5412 (1994) sal daar 'n "nuwe" Raad tot stand kom wat vir alle opvoeders geldend sal wees. Hierdie Raad, die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders, sal 'n nuwe gedragskode daarstel na *bona fide* onderhandelinge met alle rolspelers. Hierdie gedragskode sal in terme van die Wet op Arbeidsverhoudinge in die Onderwys (146:1993) afdwingbaar wees op alle opvoeders. Aangesien die Federale Onderwysersraad (FOR) deur Regulasiekoerant No. 5412 (1994) gemagtig word om in die interimtydperk op te tree, is dit wenslik dat daar na die Federale Onderwysersraad (FOR) se werksaamhede ondersoek ingestel word.

Daar is 'n baie duidelike diensmotief in die formele onderwysstelsel ingebou. Dit is belangrik dat hierdie diens van die hoogste gehalte moet wees. 'n Hoë standaard kan slegs gewaarborg word as dit op die pilare van 'n eerbare, Christelike en verantwoordbare gedragskode geskoei is. Hierdie eerbare gedrag vind sy wortels in die etiek.

Die etiek handel oor sedelike gedrag, pligte en waardes. Professionele etiek rig die professionele praktisyn in sy gedrag om sekere situasies waarmee hy te make het op 'n professionele wyse te hanteer. Die onderwyser behoort die gedragskode van sy professie op 'n voorbeeldige wyse uit te leef. Die Federale Onderwysersraad (FOR) en die onderskeie onderwysdepartemente het 'n prominente rol in die regulering van onderwyserprofessionaliteit gespeel (Oosthuizen, 1990:68). Onprofessionele optrede, hetsy wangedrag of onbekwaamheid, kan slegs aan die hand van 'n duidelike gedragskode bepaal word (Oosthuizen, 1990:69).

In die volgende paragrawe sal daar aandag gegee word aan die maatreëls wat in die geval van die Federale Onderwysersraad (FOR) gebruik is en in die geval van die Suid-Afrikaanse Demokratiese Onderwysersunie (SADOU) en die Departement van Onderwys gebruik word om onderwyserprofessionaliteit in stand te hou.

### 2.7.1 Die Federale Onderwysersraad (FOR)

Die handhawing van 'n gedragskode in die onderwys het sy oorsprong in wetgewing van die eertydse Zuid-Afrikaansche Republiek. Blanke onderwys in Suid-Afrika het 'n lang geskiedenis. Die Kaapse Onderwys het in 1989 sy honderd-en-vyftigste bestaansjaar gevier (*Die Vrystaatse Onderwyser*, 1990:13).

Binne die konteks van die onderwysstelsel as vervlegtingstruktuur word die Federale Onderwysersraad (voorheen die Suid-Afrikaanse Onderwysersraad) nie as 'n oorspronklike samelewingsverband gesien nie, maar as 'n knoopstruktuur tussen die onderwyskorps en die breë gemeenskap (Van Wyk, 1980:155). Die organisasie, bevoegdheid en werksaamhede van professionele liggame word deur die administratiefreg gereël. Volgens Wet No.116 van 1976, Artikel 15(1)(d) het die Federale Onderwysersraad (FOR) (voorheen die Suid-Afrikaanse Onderwysersraad) die volgende take (Van Wyk, 1980:156):

- Wetgewende administratiewe handelinge, soos die opstel van 'n gedragskode.
- Kwasijudisiële handelinge, soos die instel van ondersoeke na beweerde oortredings van die gedragskode (Artikel 19).
- Suiwer administratiewe handelinge, soos die uitreiking van registrasiesertifikate (Artikel 15 (b)).

Uit hoofde van die onderwyser se verbintenis tot die rol van opvoeder, is hy verplig om die land se wette te eerbiedig en gehoorsaam (Beckmann, 1985:21). Onderwysers onderneem om nie na willekeur op te tree nie, maar volgens bepaalde norme en ideale. Hierdie ideale word in die Gedragskode vervat (Beckmann, 1985:22).

In die laat-tagtigerjare het die Federale Onderwysersraad (FOR) as 'n belangrike rolspeler in die professionalisering van die onderwys na vore getree. Die Onderwyswysigingswet het in 1986 voorsiening gemaak vir eenheid in blanke onderwys (Oosthuizen, 1990:76). Die resultaat hiervan was 'n samesmelting van die Suid-Afrikaanse Onderwysersraad (SAOR) en die Federale Raad. Die minister van Onderwys en Kultuur het hierdie nuwe Federale Onderwysersraad (FOR) op 31 Oktober 1986 formeel erken (Oosthuizen, 1990:77).

As professionele instansie wat deur die professie daargestel is, het die Federale Onderwysersraad (FOR) die uitbouing van die onderwys as doelstelling gehad. Sy primêre oogmerk was die bevordering van die status en aansien van die onderwysprofessie (Oosthuizen, 1990:77). Die Federale Onderwysersraad (FOR) was 'n statutêre liggaam

en het derhalwe oor 'n onafhanklike besluitnemingsbevoegdheid beskik (Oosthuizen, 1990:79), wat voorsiening gemaak het vir sy lede om hulle basiese, ondebatteerbare reg op medeseggenskap uit te oefen.

'n Empiriese ondersoek (Kriel, 1993:103) het aan die lig gebring dat die meerderheid van die respondente se kennis met betrekking tot die werksaamhede, magte en bevoegdhede van die Federale Onderwysersraad (FOR) nie na wense was nie. Die meerderheid respondente se kennis met betrekking tot professionele tug is ook gebrekkig. Onderwysers is in die algemeen ook nie daarmee geneë dat hul privaat lewe met dié van hul professionele taak in verband gebring word nie. Die meerderheid het ook aangedui dat die Federale Onderwysersraad (FOR) ten opsigte van sy samestelling, funksionering, gedragskode en -norme uitgedien is (Kriel, 1993:104). Onderwysers het in 'n ondersoek wat deur De Klerk (1994:19) uitgevoer is, aangedui dat hulle nie buitemuurse aktiwiteite en skolastiese prestasie van leerlinge as geregverdig in hul evaluering beskou nie.

Een van die take van die Federale Onderwysersraad (FOR) was om te waak oor die praktiserende onderwyskorps se uitlewing van 'n professionele gedragskode en om ondersoek in te stel na beweerde oortredings daarvan (Oosthuizen, 1987:187). Volgens die credo van die Gedragskode aanvaar die onderwyser dat karakteropvoeding deel van die opvoedingstaak is, en dat hy met woord en daad 'n voorbeeld vir die bevordering van die hoogste sedelike standaarde moet stel (Bepaling 3.3 van die credo). Die onderwyser en die gemeenskap is dit eens dat die onderwysprofessie 'n "openbare vertrouensposisie beklee" waarin "persoonlike gedrag" 'n belangrike rol speel (Oosthuizen, 1987:191). Hierdie bepaling raak selfs die onderwyser se privaat lewenswyse.

Die Gedragskode van die Federale Onderwysersraad (FOR) het bepaal dat die onderwyser 'n voortreflike skakeling met die kinders en hulle ouers moet hê. In hierdie opsig is die gedragskode van die onderwysprofessie meer omvattend as dié van ingenieurs of regspraktisyns (Pitout, 1984:143).

### 2.7.2 Die gedragskode van die Suid-Afrikaanse Demokratiese Onderwysersunie (SADOU)

In die voorwoord van die Suid-Afrikaanse Demokratiese Onderwysersunie (SADOU) se gedragskode word daarop gewys dat hierdie gedragskode slegs die minimum standaarde van professionele gedrag bevat en dat dit nie 'n volledige kode is nie. Daar word ook op gewys dat daar dissiplinêr opgetree kan word teen enige lid van die Unie (SADOU) wat die voorwaardes van die professie sou verbreek.

## Die onderwyser en die leerling

- Die onderwyser moet op so 'n wyse onderrig dat dit die waardigheid en regte van alle persone sonder bevooroordeling van ras, geloof, kleur, geslag, fisieke eienskappe, ouderdom, voorvaders of plek van herkoms respekteer.
- Die onderwyser is daarvoor verantwoordelik om onderwysbehoeftes te diagnoseer, onderrigprogramme daarvoor voor te skryf en te implementeer, asook die leerling se vordering te evalueer.
- Die onderwyser behandel die leerlinge met waardigheid en respek en neem sy omstandighede in ag.
- Die onderwyser dra nie vertroulike inligting oor 'n leerling aan andere oor nie, tensy dit deur die reg gelas of in die beste belang van die kind is.
- Die onderwyser mag nie voordeel uit sy professionele posisie trek deur goedere aan leerlinge teen 'n wins te verkoop nie.
- Die onderwyser mag nie vergoeding ontvang vir addisionele klasse wat hy aanbied in die vak wat hy onderrig nie.
- Die onderwyser moet gesonde leerling-onderwyserverhoudings aanmoedig op die basis van wedersydse respek en erkenning van die rol wat elk in die leersituasie speel.
- Die onderwyser moet na die beste van sy vermoë die leerlinge se inisiatief, onafhanklikheid en vermoë ontwikkel.
- Die onderwyser sal in die uitvoering van sy pligte teenoor die leerlinge stiptelik, selfversekerd en voorbereid wees, en sal sy verantwoordelikheid ten opsigte van die akademiese en persoonlike ontwikkeling van die leerlinge erken.

## Die onderwyser en die owerhede

- Die onderwyser maak beswaar teen take of opdragte wat aan hom opgedra is waarvoor hy nie opgelei is nie, asook teen omstandighede wat dit vir hom moeilik maak om sy professionele pligte uit te voer.
- Die onderwyser verrig sy kontraktuele verpligtinge teenoor die werkgewer totdat hy by wyse van wedersydse ooreenkoms of volgens wet van sy verpligting onthef word.
- Die onderwyser verskaf soveel tyd as moontlik vir kennis, indien hy beplan om sy dienste te beëindig.
- Die onderwyser onderwerp hom aan voorwaardes wat deur die Unie ten behoewe van die onderwysers onderhandel is.

- Die onderwyser sal verantwoordelik optree in die uitvoering van sy professionele, organisatoriese en administratiewe take.

□ **Die onderwyser se verpligting teenoor sy kollegas**

- Die onderwyser ondermyn nie die aansien en gesag van 'n ander kollega nie.
- Die onderwyser sal die professionele bevoegdheid of professionele reputasie van 'n kollega slegs met 'n wettige amptenaar bespreek nadat sodanige onderwyser van die kritiek in kennis gestel is.
- Die onderwyser stel 'n verslag oor die professionele prestasie van 'n ander onderwyser in goeder trou op, en die betrokke onderwyser moet 'n afskrif van sodanige verslag ontvang.
- Die onderwyser sal nie as gevolg van jaloesie of persoonlike voordeel 'n ander kollega in 'n slegte lig stel sodat dit tot die afdanking van die onderwyser kan lei nie.
- Die onderwyser moet enige probleem wat hy met 'n ander kollega ondervind met die betrokke kollega informeel en in privaatheid bespreek. Sou die onderwysers nie tot 'n vergelyk kom nie, moet geen verdere stappe gedoen word sonder die ander kollega se kennisname nie. Sou 'n onderwyser egter van mening wees dat 'n kollega se optrede skade aan die skool of individuele leerlinge verrig, dan het die onderwyser 'n plig om 'n verslag vir die hoof voor te berei.
- Die onderwyser erken die plig om waar moontlik deur behoorlike kanale teen administratiewe beleid en praktyk waarmee hy in sy gewete nie kan saamleef nie, te protesteer.
- Die onderwyser moet die geleentheid aan ander personeellede bied om hulle opinies vryelik uit te spreek, en moet help om demokratiese prosesse in die administrasie van die skool te ontwikkel.

□ **Die onderwyser en sy professie**

- Die onderwyser moet so optree dat hy die waardigheid en die eer van die professie sal handhaaf.
- Die onderwyser moet nie sy kollegas in die teenwoordigheid van 'n derde party verneder nie.
- Die onderwyser raak nie betrokke in aktiwiteite wat die gehalte van sy professionele diens negatief kan affekteer nie.

- Die onderwyser onderwerp hom aan dispute voortspruitend uit professionele verhoudings met ander onderwysers wat nie op 'n persoonlike vlak opgelos kan word nie.
- Die onderwyser lewer slegs voordragte namens die Unie wanneer hy daartoe gemagtig is.
- Die onderwyser aanvaar dat diens aan die Unie 'n professionele verantwoordelikheid is.

### 2.7.3 Nasionaal-statutêre kodering van onderwyserprofessionaliteit

In die volgende paragrawe sal daar aandag gegee word aan die bepalings van die Wet op Indiensneming van Opvoeders (138:1994). Daar sal hoofsaaklik gekonsentreer word op daardie artikels van die genoemde wetgewing wat die voorskrifte en prosedures met betrekking tot onderwyserprofessionaliteit uiteensit, naamlik onderwysergedrag (-wangedrag) en onderwyserbevoegdheid (-onbevoegdheid).

#### 2.7.3.1 Wangedrag

Die omskrywing van wangedrag word in die Wet op Indiensneming van Opvoeders (138:1994) soos volg uiteengesit (Artikel 12 (1)):

> **"'n Opvoeder is aan wangedrag skuldig indien hy of sy -**
> **(a) 'n bepaling van hierdie Wet of 'n wet met betrekking tot die onderwys oortree of versuim om daaraan te voldoen;"**

Die gedeelte wat handel oor ongehoorsaamheid aan of wat verset teen 'n wet van die Parlement aanmoedig, is weggelaat uit dié wat in Wet 70 van 1988 voorgekom het. In 1969 het regter Fortas in die VSA bevind dat onderwysers en leerlinge nie hulle grondwetlike regte by die skoolhek los nie. In hierdie saak het leerlinge swart armbande gedra om te toon dat hulle teen die Viëtnamese oorlog gekant is. Die regter het bevind dat die skool nie deur hierdie aksie ontwrig is nie (Strahan & Turner, 1987:15).

> **"(b) 'n handeling wat tot nadeel strek van die administrasie, dissipline of doeltreffendheid van die werkgewer, verrig, laat verrig of toelaat of oogluikend toelaat dat dit verrig word;"**

Die president van 'n onderwysersvereniging het per geleentheid aan nuwe onderwysers tydens hulle inlywing gesê dat die vereniging geen vertroue in die administrasie van die skole het nie. Die superintendent is spesifiek uitgesonder. Die hof het beslis dat die werksverhoudinge hierdeur aangetas is (Strahan & Turner, 1987:185-186). Die hof

gaan van die veronderstelling uit dat 'n werkbare verhouding in die skoolopset noodsaaklik is vir opvoedende onderwys (Strahan & Turner, 1987:185-186).

In 1968 het 'n onderwyser in die VSA in 'n brief aan 'n koerant teen die owerhede uitgevaar. Die onderwyser is aangekla, maar die hof het bevind dat die onderwyser die reg daartoe gehad het, omdat hy oor suiwer onderwysaangeleenthede geskryf het (Reutter, 1981:60). Alhoewel daar sekere foute in die brief voorgekom het, het die hof bevind dat dit nie met opset gedoen is nie. Die onderwyser se klaskamerprestasie is ook nie hierdeur beïnvloed nie (Reutter, 1981:61).

> **"(c) 'n wettige bevel wat aan hom of haar gegee is deur iemand wat die bevoegdheid daartoe het, nie gehoorsaam nie, dit verontagsaam of opsetlik in gebreke bly om dit uit te voer, of hom of haar deur woord of gedrag aan insubordinasie skuldig maak;"**

Wanneer 'n onderwyser per definisie insubordinasie pleeg, sal die hof, selfs in die afwesigheid van 'n wet, sy ontslag bekragtig (Brooks, 1990:3). Insubordinasie word gedefinieer as 'n opsetlike ongehoorsaamheid of 'n weiering om 'n redelike en regmatige reël, regulasie, of 'n opdrag wat deur die skoolraad of deur 'n administratiewe meerdere gegee word, uit te voer (Brooks, 1990:3). Hierdie definisie onderskei insubordinasie nie genoegsaam van ander aanklagte, soos byvoorbeeld nalatigheid en onprofessionele gedrag nie (Brooks, 1990:79). Insubordinasie behels primêr die opsetlike ongehoorsaamheid aan redelike opdragte (Brooks, 1990:80).

'n Groot verskeidenheid van gedragsvorme kan as insubordinasie gereken word; daarom is dit meesal 'n aanvegbare saak. So byvoorbeeld is onderwysers al aan insubordinasie skuldig bevind omdat hulle nie hulle baard geskeer het nie, nie ingeënt is nie, nie daarin kon slaag om 'n meestersgraad te behaal nie, en nie met meerderes wou saamwerk nie (Strahan & Turner, 1987:154).

In 1982 was daar in die VSA 'n geval waar 'n onderwyseres in 'n kafeteria voor die kinders te kenne gegee het dat sy nie die hoof se instruksie sal volg nie. Sy het hom ook "asinine" en "paranoid" genoem. Die hof het haar aanmerkings as insubordinasie beskou, omdat dit die gesag ondermyn en die harmonie tussen die werkers versteur het (Strahan & Turner; 1987:185).

Volgens die Handves van Menseregte behoort vryheid van spraak in elke skool as ideaal gestel te word. Die Amerikaanse wet bepaal egter dat akademiese vryheid nie as 'n

verskoning vir insubordinasie, onbekwaamheid of indoktrinasie geld nie (Mac Kay, 1984:280).

**"(d) nalatig of traag is by die verrigting van sy of haar pligte;"**

'n Gebrek aan vaardigheid kan nie op sigself as nalatigheid gereken word nie (Prinsloo, 1987:17). 'n Onderwyser maak homself egter aan nalatigheid skuldig wanneer hy 'n onderwystaak wat 'n besondere vaardigheid verg, aanpak sonder dat hy oor die nodige vaardighede daarvoor beskik (Prinsloo, 1987:18).

In 1978 is 'n onderwyser in die VSA op grond van 'n gebrek aan die handhawing van behoorlike dissipline in sy klas uit sy pos ontslaan. Die hof het egter sy ontslag ongeldig verklaar op grond van die feit dat die werkgewer oor geen oordeelkundige gedragskode beskik het aan die hand waarvan die klasdissipline van die onderwyser gemeet kon word nie (Strahan & Turner, 1987:154).

**"(e) sonder die toestemming van die werkgewer, enige private agentskap of private werk onderneem met betrekking tot 'n aangeleentheid wat met die verrigting van sy of haar ampspligte in verband staan;"**

Hierdie bepaling verbied die onderwyser om werk te onderneem wat sy skoolpligte benadeel of wat die status van die onderwysprofessie aantas. 'n Onderwyser wat homself hieraan skuldig maak, kan gewaarsku word. Indien hy nie aan die waarskuwing gehoor gee nie, kan hy op grond van wetsverontagsaming aan wangedrag skuldig bevind word (Van Wyk, 1977:81).

**"(f) probeer om deur middel van iemand wat nie in diens van die staat of 'n werknemerslid is nie, ingryping in verband met sy of haar posisie of diensvoorwaardes te verkry, tensy dit ingevolge die Wet op Arbeidsverhoudinge in die Onderwys gedoen word, of om herstel van 'n grief deur bemiddeling van 'n lid van die betrokke provinsiale wetgewer te verkry;"**

**"(g) hom of haar op 'n skandelike, onbehoorlike of onbetaamlike wyse gedra of, terwyl hy of sy aan diens is, hom of haar aan growwe onbeleefdheid teenoor iemand skuldig maak;"**

Die begrip "onsedelikheid" word nie noodwendig deur alle gemeenskappe op dieselfde manier vertolk nie. In die Amerikaanse regspraak word onsedelikheid byvoorbeeld baie wyd vertolk (Van Wyk, 1977:79): "Nie slegs goeie karakter nie, maar ook goeie reputasie is van die uiterste belang vir onderwysers in die skole". Hiervolgens kan enige gedrag

wat in stryd met die morele en sedelike opvattinge van die betrokke gemeenskap is of wat 'n swak voorbeeld aan die jeug stel, as onsedelik gereken word (Van Wyk, 1977:79).

Daar bestaan 'n geval in Engeland waar 'n ene mnr. Vogler in 1975 seks met 'n sestienjarige dogter van sy skool gehad het en as gevolg daarvan uit sy pos ontslaan is. Omdat mnr. Vogler van mening was dat daar geen regulasie of voorwaarde bestaan het wat hom sodanige seks verbied nie, het hy beswaar teen sy ontslag aangeteken. Die hof het egter aangevoer dat sodanige gedrag nie by 'n verantwoordelike persoon soos 'n onderwyser pas nie. Hierdie gedrag is 'n geïmpliseerde term; dit is 'n voorwaarde wat enige redelike persoon van nature sou aanvaar het (Adams, 1984:52).

Wanneer immorele gedrag die onderwyser se werk beïnvloed, handhaaf die hof gewoonlik ontslag as strafmaatreël (Strahan & Turner, 1987:153). So byvoorbeeld is 'n onderwyser in die VSA in 1982 aan seksuele wangedrag skuldig bevind omdat hy suggestiewe opmerkings teenoor voornemende onderwysstudente gemaak het (Strahan & Turner, 1987:153).

Die gebruik van vulgêre taal word gewoonlik ook as immorele gedrag beskou. So byvoorbeeld het die hof in 1977 die ontslag gehandhaaf van 'n onderwyser wat 'n kind 'n slet genoem en geïmpliseer het dat sy 'n prostituut is (Strahan & Turner, 1987:154).

Die Amerikaanse howe beskou heteroseksuele verhoudings tussen onderwysers en leerlinge - ook ná skool - as immoreel. 'n Onderwyser wat hom hieraan skuldig maak, is volgens die reg ongeskik om te onderrig. In gevalle waar die leerling nie direk deur die onderwyser onderrig word nie, is die Amerikaanse howe blykbaar meer tegemoetkomend. Daar bestaan 'n geval in die VSA waar 'n vyftienjarige seun by sy onderwyseres as minnaar ingewoon het. Die onderwyseres kon egter nie ontslaan word nie, omdat sy dié seun nie meer onderrig het nie (Mac Kay, 1984:271).

Selfs sekere onderwysmateriaal (veral in kuns- en letterkundeklasse) kan soms as onwelvoeglik of onbetaamlik beskou word (Mac Kay, 1984:208).

> **"(h) onder die invloed van sterk drank of bedwelmende middels is terwyl hy of sy aan diens is of in 'n amptelike hoedanigheid optree;"**

In Amerika wou sommige skoolowerhede onderwysers vir dwelmgebruik toets. Die howe het egter dié toetsing van onderwysers - behalwe in gevalle waar daar 'n redelike mate van suspisie was - verwerp (La Morte, 1993:221). 'n Appèlsaak van 'n onderwyser wat in Engeland aan die gebruik van dagga skuldig bevind is, het op die volgende

hofbevinding uitgeloop (Barrell & Partington, 1985:154): As die oortreding buite werksverband voorkom en ernstige en werklike gevolge vir die werker se verhouding met ander werkers inhou of die werker 'n gevaar maak vir andere - veral vir kinders - dan is die ontslag regverdig. Hierdie uitspraak het tot die ontslag van nog drie onderwysers gelei. Die eerste een het gom in die klas gesnuif, die tweede een het vir die wettiging van dagga betoog en die derde een was 'n manlike onderwyser wat vroueklere gedra het (Barrell & Partington, 1985:154-155). In Suid-Afrika is dit volgens die Wet op die Misbruik van Afhanklikheidsvormende Stowwe, Wet 41 van 1971, onwettig om dagga te gebruik of in besit daarvan te wees (Snyman & Morkel, 1988:284).

> **"(i) sonder die vooraf verkreë toestemming van die werkgewer, inligting wat hy of sy ingewin of bekom het as gevolg van sy of haar diens, openbaar maak anders as by die verrigting van sy of haar ampspligte, of sodanige inligting gebruik vir 'n ander doel as vir die verrigting van sy of haar ampspligte, hetsy hy of sy sodanige inligting openbaar maak al dan nie;"**
>
> **"(j) sonder die vooraf verkreë toestemming van die werkgewer, enige kommissie, geld, geldelike of ander beloning waarop hy of sy uit hoofde van sy of haar amp nie geregtig is nie, aanneem of eis ten opsigte van die verrigting van sy of haar ampspligte of die versuim om dit te verrig, of versuim om die aanbod van sodanige kommissie, geld of beloning aan die werkgewer te rapporteer;"**
>
> **"(k) hom of haar enige eiendom van die werkgewer toe-eien of onbehoorlik gebruik daarvan maak in omstandighede wat nie op 'n misdryf neerkom nie;"**
>
> **"(l) 'n misdryf pleeg;"**

Skuldigbevindings aan 'n kriminele oortreding kan tot 'n klag van wangedrag en 'n ontslag uit 'n onderwyspos lei. Gewoonlik kom dit wreed voor wanneer 'n onderwyser deur die hof gestraf en van sy onderwyspos ontneem word, maar die gemeenskap vereis dit, omdat hulle 'n afsku aan wangedrag het (Prinsloo & Beckmann, 1987:227). Oosthuizen (1987:110) dui daarop dat oortredings wat aan 'n misdryf verwant is die grootste oorsaak van skuldigbevindings aan wangedrag van onderwysers in Suid-Afrika is.

Die staat tree in sy hoedanigheid as handhawer van orde teen enige lid van die gemeenskap op wat die goeie orde van die samelewing versteur of die individuele lede van die gemeenskap benadeel. Kriminele oortredings is dade waaraan daar 'n stigma kleef

(Van Wyk, 1987:86). Wanneer 'n onregmatige daad nie teen die Staat gepleeg is nie, is dit siviel van aard en die siviele howe sien daarna om. In die geval van 'n siviele onregmatigheid is die doel van die straf vergoeding. Kriminele oortredings word gestraf met die doel om die gemeenskap te beskerm en die oortreder te rehabiliteer (Adams, 1984:46).

Die Wet op Indiensneming van Opvoeders (138:1994) bepaal dat 'n opvoeder deur die pleging van 'n kriminele misdryf homself aan wangedrag skuldig maak. Partington (1984:35) wys daarop dat 'n persoon in die reël nie twee keer vir dieselfde oortreding gestraf kan word nie, maar omdat 'n kriminele misdryf so 'n verdoemende oortreding in die oë van die gemeenskap is en die onderwyser deurentyd deur die gemeenskap beoordeel word, word 'n onderwyser wel twee keer vir dieselfde kriminele oortreding gestraf. Nadat 'n onderwyser in 'n geregshof skuldig bevind is, kan hy in 'n siviele hof ook nog vir skadevergoeding aanspreeklik gehou word. Benewens die straf van 'n burgerlike hof en die onderwysdepartement kan die skuldige opvoeder ook deur die onderwysersvereniging waaraan hy behoort en/of die onderwysdepartement tot verantwoording geroep en gestraf word (Kriel, 1993:47).

Daar bestaan volgens die reg verskillende soorte misdade. Sommige misdade, soos moord, aanranding, verkragting, roof en diefstal, is strafbaar volgens die gemene reg. Misdade wat op grond van bepaalde wetgewing strafbaar is, staan bekend as statutêre misdade. Die Suid-Afrikaanse strafreg moet binne die konteks van die Suid-Afrikaanse regstelsel gesien word (Van Wyk, 1987:87). Wanneer 'n onderwyser 'n kriminele oortreding begaan het, werk dit negatief op die aansien van die onderwysprofessie in. So 'n onderwyser moet dus ter beskerming van die professie gestraf word. In minder ernstige gevalle, soos byvoorbeeld geringe verkeersoortredings, word daar gewoonlik nie teen onderwysers opgetree nie (Van Wyk, 1987:87).

Al hoe meer stemme begin opgaan oor die beginsel van misdrywe wat teen die "apartheidstaat" gepleeg is. Dit word vandag algemeen aanvaar dat die "apartheidstaat" 'n nie-wettige regering was. Veral in die kader van die sogenaamde "nie-blanke" onderwysgeledere het onderwysers die leiding geneem vir die sogenaamde bevryding van die land. Hierdie onderwysers is krimineel aangekla en skuldig bevind. Sodanige skuldigbevindings behoort in die lig van 'n veranderende demokratiese Suid-Afrika dus as van nul en gener waarde beskou te word. Daar is ook diegene wat nie saamstem dat 'n kriminele misdryf wat deur 'n opvoeder begaan is, veral oortredings wat nie onderwysgerig is nie, nie wangedrag van sodanige opvoeder impliseer nie (Coetzee, 1994a).

Van Wyk (1987:86-87) wys daarop dat dit belangrik is dat die onderwyser vertroud moet wees met die aard van kriminele oortredings.

> **"(m) sonder verlof of geldige rede van sy of haar kantoor of diens afwesig is; of**
>
> **(n) met die oog op die verkryging van enige voorreg of voordeel in verband met sy of haar amptelike posisie of pligte, of op die benadeling of skadeberokkening van die werkgewer of van 'n mede-werknemer, 'n vals of onjuis verklaring aflê in die wete dat dit vals of onjuis is".**

### 2.7.3.2 Onbekwaamheid

Die Wet op Indiensneming van Opvoeders (138:1994) spel die term "onbekwaamheid" nie duidelik uit nie. Volgens Artikel 21 van die Wet op Indiensneming van Opvoeders (138:1994) word daar verwys na 'n opvoeder wat onbevoeg of onbekwaam is asof dit verband hou met die uitvoering van pligte wat met die betrokke pos in verband staan.

Van Wyk (1987:84) wys daarop dat die onderwyser by diensaanvaarding 'n ooreenkoms met die onderwysdepartement aangaan waarvolgens hy onderneem om homself nie aan wangedrag of onbekwaamheid skuldig te maak nie. Volgens Prinsloo en Beckmann (1987:185) bestaan daar statutêr duidelike verskille tussen wangedrag en onbekwaamheid. Volgens Wet 70 van 1988 (70:1988) is 'n persoon onbekwaam wanneer hy nie meer geskik of in staat is om die pligte verbonde aan sy pos uit te voer nie. Onbekwaamheid hou direk verband met die wyse waarop 'n onderwyser sy pligte uitvoer en het derhalwe met die onderwyser se professionele toerusting te make, terwyl wangedrag betrekking op die onderwyser se algemene gedrag het (Van Wyk, 1987:84).

'n Toepaslike onderwyskwalifikasie word beskou as 'n *prima facie* bewys van die onderwyser se bekwaamheid of bevoegdheid om te kan onderrig. Indien daar op grond van onbekwaamheid tugstappe teen 'n onderwyser ingestel word, rus die bewyslas op die betrokke onderwysdepartement (Van Wyk, 1987:84).

Die prosedurereëling in die geval van 'n ondersoek na beweerde wangedrag of onbekwaamheid is volgens Artikel 21 van die Wet op Indiensneming van Opvoeders (138:1994) feitlik dieselfde. Die enigste onderskeid tussen wangedrag en onbekwaamheid word aangetref in terme van Artikel 13 (voorlopige ondersoek) wat slegs op wangedrag van toepassing is (138:1994).

#### 2.7.3.3 Prosedurereëling in geval van wangedrag of onbekwaamheid by 'n staatsonderwysinstelling

In hierdie bespreking sal die prosedurereëlings in die geval van wangedrag of onbekwaamheid nie volledig bespreek word nie. 'n Volledige bespreking hiervan word in hoofstuk 3, paragraaf 3.5 gevoer. Artikels 14 tot 20 van die Wet op Indiensneming van Opvoeders (138:1994) wat hierop betrekking het, kan soos volg saamgevat word:

- Die opvoeder moet in die geval van 'n dissiplinêre ondersoek skriftelik volgens die voorgeskrewe prosedure aangekla word (Artikel 14).
- 'n Dissiplinêre tribunaal wat uit drie lede bestaan, word aangestel. Die voorsitter van die dissiplinêre tribunaal bepaal die tyd en plek van die ondersoek (verhoor) en gee die werknemer veertien (14) dae skriftelike kennis van die verhoor. Die dissiplinêre tribunaal is by magte om enige iemand te dagvaar om voor die tribunaal te verskyn (Artikel 15).
- Tydens die dissiplinêre verhoor lê die werkgewer (of sy gemagtigde) getuienis voor ter stawing van die aanklag. Die aangeklaagde opvoeder het die reg op verteenwoordiging (prokureur) en die reg om getuies onder kruisondervraging te neem. Die dissiplinêre tribunaal hou 'n oorkonde van die verrigtinge en getuienis (Artikel 16).
- Na die dissiplinêre verhoor vind die tribunaal die aangeklaagde opvoeder by wyse van 'n meerderheidstem skuldig of onskuldig. Die voorsitter verwittig die aangeklaagde opvoeder binne sewe (7) dae daarna van die bevinding en meld die uitslag van die ondersoek aan die werkgewer (Artikel 17).
- Die aangeklaagde opvoeder wat skuldig bevind is se reg op appèl word aangedui, asook die prosedure wat gevolg moet word in die geval van 'n appèl (Artikel 18).
- Die optrede teen die opvoeder wat skuldig bevind is, kan die vorm van berisping, oorplasing na 'n ander pos, verlaging in salaris of ontslag aanneem (Artikel 19).
- In die geval waar 'n opvoeder nie 'n waarskuwing of berisping as straf ontvang het nie, moet die oorkonde van die verhoor asook alle getuienis rakende die verhoor aan die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders voorgelê word (Artikel 20).

#### 2.7.3.4 Prosedurereëling by 'n staatsondersteunde skool

Volgens Artikel 247 (1) van die Grondwet (200:1993) bestaan staatsondersteunde skole wel soos wat dit by die vorige wetgewing bepaal is. Hierdie artikel maak voorsiening vir die bestaansreg van staatsondersteunde (Model C-) skole deur daarna te verwys dat die nasionale regering en die provinsiale regerings nie die regte, bevoegdhede of werk-

saamhede van bestuursliggame, bestuursrade ensovoorts kan verander tensy 'n ooreenkoms na *bona fide* onderhandelinge bereik word nie. Die Wet op Indiensneming van Opvoeders (138:1994) erken in Artikel 1 (woordomskrywing) (xi) ook die begrip "staatsondersteunde onderwysinstelling". Na sodanige instellings word verwys as "ander staatsonderwys-instellings as 'n departementele onderwysinstelling" (138:1994).

'n Ondersoek na beweerde wangedrag of onbekwaamheid binne die onderwys moet streng volgens voorgeskrewe prosedurereëlings geskied. Die uitspraak van die hof in die saak ***Van Coller vs Administrateur, Transvaal 1960 SA 110 (T)*** beklemtoon hierdie noodsaaklikheid. Mnr. van Coller is deur die onderwysdepartement na 'n ander onderwys-pos oorgeplaas, omdat hy wesenlike verhoudingsprobleme met die ouers en die leerlinge in sy skool ondervind het. Aangesien die oorplasing nie volgens die voorgeskrewe reëls van natuurlike geregtigheid geskied het nie, het die regter die departement se optrede tersyde gestel (Bray *et al.*, 1989:22).

Die kernbeginsels van die prosedure wat voorgeskryf is vir 'n ondersoek na die wangedrag of onbekwaamheid van 'n onderwyser in 'n staatsondersteunde (Model C-) skool word in Artikels 84-94 (soos saamgelees met Artikel 98) van die Wet op Onderwysaangeleent-hede vervat (70:1988).

Hierdie artikels bepaal dat die volgende prosedure gevolg word:

> Die voorsitter van die bestuursliggaam kla die betrokke onderwyser skriftelik aan. Voor die aanvang van die ondersoek moet die bestuursraadvoorsitter die statutêr-erkende onderwysvereniging (wat nou ook 'n onderwyservakbond kan wees) van die voorgenome voorlopige ondersoek in kennis stel. Nadat die betrokke onderwyser geleentheid gekry het om sy kant van die saak te stel, moet die ondersoekkomitee 'n verslag indien wat onder meer 'n aanbeveling moet bevat ten opsigte van die waarheid van die beweerde klag. By ontvangs van hierdie verslag moet die voorsitter van die bestuursliggaam oordeel of daar waarheid in die beskuldigings is. As daar geen waarheid in steek nie, word die saak as afgehandel beskou. Bestaan daar wel waarheid, moet die voorsitter van die bestuursliggaam die onderwyser skriftelik van wangedrag of onbekwaamheid aankla en die onderwyservereniging van die aanklag in kennis stel. Sou die onderwyser die aanklag ontken, moet die voorsitter van die bestuursliggaam 'n raad van ondersoek op die voorgeskrewe wyse saamstel (Oosthuizen, 1993:17).

Die raad van ondersoek moet tot 'n bevinding kom ten opsigte van die skuldigheid van die onderwyser. Hierdie bevinding moet op 'n meerderheidsbesluit berus. Sou die betrokke onderwyser appèl wou aanteken, moet hy hom op die bestuursliggaam van die skool beroep, wat dan 'n appèlraad volgens bepaalde voorskrifte moet saamstel. Na oorweging van die saak, moet die appèlraad op grond van 'n meerderheidsbesluit 'n aanbeveling by die bestuursliggaam maak (Oosthuizen, 1993:18).

Daar word van die voorsitter van 'n bestuursliggaam verwag om in alle gevalle waar die straf meer as 'n waarskuwing of berisping behels 'n volledige verslag van die ondersoek aan die Suid-Afrikaanse Raad van Opvoeders (voorheen was dit die Federale Onderwysersraad) voor te lê (Oosthuizen, 1993:19).

Kriel (1993:103) het in 'n empiriese ondersoek bevind dat die meeste respondente baie swak ingelig is ten opsigte van die taak, bevoegdhede en magte van die bestuursrade by staatsondersteunde (Model C-) skole.

## 2.8 SAMEVATTING

Die doel van hierdie hoofstuk was om aan die hand van die beskikbare literatuur die aard en omvang van onderwyserprofessionaliteit te bepaal. In hierdie opsig het die volgende feite aan die lig gekom:

- Die professionele opvoeder moet sy posisie in 'n verweefde netwerk ken om sodoende sy beroep professioneel te kan beoefen.
- Indien die onderwyser in 'n veranderende Suid-Afrika misluk, is die nuwe en veranderende Suid-Afrika op die verloorpad, want die onderwys word algemeen as een van die sentrale aktiwiteite in die gemeenskap aanvaar.
- In die lig van al die veranderinge wat in Suid-Afrika plaasgevind het, kan daar na die Renaissance van onderwys en onderwyserprofessionaliteit in Suid-Afrika verwys word.
- Die statutêre reg, gemene reg, staat, ouers, leerlinge en breë gemeenskap verwag professionaliteit van elke onderwyser (i.c. opvoeder) in die land sodat 'n leerkultuur en onderrigkultuur gevestig kan word.
- Professionaliteit beskik onder andere oor die volgende kenmerke:
  - Gespesialiseerde kennis.
  - Volgehoue navorsing.
  - Gesagshandhawing.

- Toegangsbeheer tot die professie.
- Outonomie.
- Die handhawing van 'n etiese gedragskode.
- Unieke dienslewering.

- Die diensmotief van onderwys is in die Christelike etiek en lewens- en wêreldbeskouing veranker.
- Die werksaamhede van die onderskeie onderwysersorganisasies, soos SADOU en NAPOOSA, word deur die administratiefreg gereël.
- Onderwyserprofessionaliteit word deur die Wet op Indiensneming van Opvoeders (138:1994) departementeel gekodeer.
- Daar bestaan 'n duidelike onderskeid tussen wangedrag en onbekwaamheid.
- Onderwysers (i.c. opvoeders) sal in terme van die Wet op Arbeidsverhoudinge in die Onderwys (146:1993) verplig word om by die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders te registreer.
- 'n Eenvormige gedragskode wat op alle onderwysers (i.c opvoeders) afdwingbaar sal wees, sal deur die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders daargestel word.
- Vakbonde in die onderwys is in Suid-Afrika 'n realiteit wat kan meewerk om onderwyserprofessionaliteit uit te bou.
- Die eise wat voortaan aan die onderwyser (i.c. opvoeder) gestel gaan word, sal dringender en groter toewyding van onderwysers (i.c. opvoeders) verg.

In die volgende hoofstuk word die statutêre determinante wat 'n rol by die samestelling van 'n model vir onderwyserprofessionaliteit kan speel aan die hand van 'n literatuurstudie ondersoek.